# DIE MIDDELSKOOLKIND SE GODSERVARING EN DIE IMPAK DAARVAN OP JEUGBEDIENINGSPRAKTYK

**deur**

**CHRISTOFFEL NEL**

**voorgelê ter gedeeltelike vervullling van die vereistes vir die graad**

**M DIAC(JEUGWERK)**

**in die vak**

**PRAKTIESE TEOLOGIE**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID AFRIKA**

**STUDIELEIER: DS D KITCHING**

**NOVEMBER 2000**

**Twee jaar gelede het daar 'n pragtige baba dogtertjie ons lewens kom volmaak. Oor 'n paar jaar van nou af gaan sy ook een van hierdie jong tieners wees waaroor hierdie skripsie handel. Daarom dra ek hierdie studie op aan my dogtertjie Engeli Nel...**

# BEDANKINGS


- Alle eer en dank aan my liefdevolle Hemelse Vader vir die krag en geduld en toewyding waarmee Hy my toegerus het om hierdie studie te voltooi.

- Baie dankie aan my ouers en veral my pa vir die gesonde Bybelse Godsbeeld wat hy my gegee het.

- Dankie aan my vrou Hannetjie en dogtertjie Engeli, vir julle geduld gedurende die skryf van hierdie skripsie. Dankie Hannetjie vir die ondersteuning en liefde, ek het dit baie dae baie nodig gehad!

- Baie dankie aan die gemeente Kalkrand dat ek hierdie jaar kon gebruik om my studies af te handel. Ek het julle afgeskeep, maar mag die Here hierdie werk ook vrugbaar in die gemeente gebruik!

- Aan die personeel van Hugenote Kollege vir hulle geduld en liefde. Baie dankie veral aan Christo Thessnaar wat van groot hulp was!


259.23 NEL

0001795650

# OPSOMMING

Tieners se probleme veroorsaak dikwels godvervreemdheid of kerkloosheid. Die rede, wil dit vookom, is omdat hulle met 'n verkeerde en naïwe godsbeeld en godservaringe hulle lewenspad begin loop het. Uit hierdie studie het dit baie duidelik geword dat die ondersteuningsisteme van die jong tiener sy/haar ervaring van God baie beïnvloed. Van hierdie ondersteuningsisteme blyk die huis en familie die primêre invloede te wees op die jong tiener se ervaring van God. Die rol wat die ouers speel in die daarstelling van 'n gesonde of verkeerde godsbegrip het in die studie sterk op die voorgrond getree. Die studie het ook nuwe lig gewerp op die rol en invloed van die kerk in die jong tiener se ervaring van God.

Die rol van veral kognitiewe, sosiale en godsdienstige ontwikkeling is ook geïdentifiseer as belangrik vir die ontwikkeling van 'n gesonde godsbeeld. Aan die einde van die studie is riglyne gegee vir die bediening.

## SUMMARY

Teenagers' problems cause them to become alienated from God and the church. The reason, seems to be that they start walking on the road of life according to wrong and naïve images and experiences of God. In this study it became clear that support systems of young teenagers influence their experience of God. Of these support systems the home and family seem to be the primary influences on young teenager's experience of God. The role of parents in the establishment of a healthy, or wrong image of God, stood on the foreground very strongly. The study also sheds new light on the role and influence of the church in the junior higher's experience of God. The role of especially cognitive, social and religious development were also identified as important for the development of a healthy image of God. At the end guidelines are provided for ministry.



## KEYWORDS

Religious experience, Junior higher, Image of God, Holistic development, Support systems, Family, Church, Peergroup, Adults, School.

# INHOUDSOPGAWE


## 1. INLEIDING EN NAVORSINGSONTWERP

1.1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING..... 1
1.2 UITEENSETTING VAN PROBLEEM.............. 2
1.3 PROBLEEMSTELLING.............................. 3
1.4 HIPOTESE................................................ 5
1.5 METODIEK.............................................. 6
1.6 HOEKOM IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE?..... 7
1.7 BEGRIPSVERKLARING............................ 8

## 2. UITDAGINGS IN DIE BEDIENING VAN DIE MIDDELSKOOLKIND

2.1. INLEIDING.............................................. 10
2.2 ONTWIKKELING...................................... 10
2.2.1 AFBAKENING VAN DIE OUDERDOMS-
GROEP IN DIE ONDERSOEK ...................... 11
2.2.2 FISIESEONTWIKKELING......................... 11
2.2.3 KOGNITIEWE ONTWIKKELING................. 12
2.2.4 SOSIALE ONTWIKKELING...................... 16
2.2.5 EMOSIONELE ONTWIKKELING................. 17
2.2.6 MORELE EN GODSDIENSTIGE ONTWIKKELING....... 18
2.3 GODSDIENSTIGE AGTERGROND.............. 21
2.4 INTERPRETASIE VAN DIE BYBELTEKS....... 22
2.5 GEMEENTELIKE VERSKILLE..................... 23
2.6 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING................. 23

## 3. DIE INVLOED VAN DIE JONG TIENER SE ONDERSTEUNINGSISTEME OP SY/HAAR ERVARING VAN GOD.


3.1 INLEIDING........................................... 25
3.2 DIE FAMILIESISTEEM EN HUIS........... 25
3.3 SOSIALE OMGEWING...................... 28
3.4 DIE SKOOL....................................... 29
3.5 DIE KERK......................................... 30
3.6 VRIENDE ("PEERGROUPS")................. 33
3.7 BEELDE WAT KINDERS VAN GOD VORM...... 34
3.8 SAMEVATTING.................................... 36


## 4. EMPIRIESE NAVORSING OOR DIE GODSERVARING VAN DIE MIDDELSKOOLKIND


4.1 INLEIDING............................................ 37
4.2 VRAELYS EN VERDUIDELIKING VAN SAMESTELLING.......... 37
4.3 RESULTATE VAN EMPIRIESE NAVORSING......... 41
4.3.1 SAMESTELLING EN AGTERGROND VAN DIE GROEP TIENERS.............................. 41
4.3.2 INTERPRETASIE VAN DIE VRAELYSTE........ 42
4.4 EVALUERING.......................................... 56
4.5 PYLERS................................................. 57


## 5. AANBEVELINGS VIR 'N JEUGBEDIENINGSPRAKTYK


5.1 INLEIDING............................................ 59
5.2 BYBEL................................................. 60
5.3 GESINSTRUKTURE.................................. 62

5.4 KERK................................................... 66

5.5 ANDER VOLWASSENES.......................... 72

5.6 VRIENDE.............................................. 74

5.7 SKOOL – ROL VAN ONDERWYSERS........... 75

5.8 ALGEMENE RIGLYNE VIR DIE BEDIENING VAN DIE MIDDELSKOOLKIND.................................. 75

5.9 GEVOLGTREKKING.................................. 79

BIBLIOGRAFIE................................................ 81

# HOOFSTUK 1:

# 1. INLEIDING EN NAVORSINGSONTWERP

## 1.1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING.

Voor in die pad lê die "draai van die dood" onheilspellend en wag dat nog 'n motor die skerp draai moet mis, en honderde meters ver na benede moet stort. Gelukkig het die owerhede 'n slim plan bedink en aan die onderkant van die krans, 'n hospitaal en 'n motorhawe gebou om die gewondes en wrakke te herstel....! Toe kom iemand anders met die briljante idee om bo-op die krans veiligheidsborde aan te bring sodat motors stadiger om die draai kan gaan. Daar is ook besluit om 'n motorhawe voor die draai te bou sodat die motors nagegaan kan word vir enige gebreke wat kan bydrae dat hulle die draai mis en na benede stort. Die motor se remme, bande en stuurstelsel is hier deeglik getoets....

Vir te lank het die kerk tieners bedien wat reeds teen die krans afgestort het en ontnugter is deur God en die samelewing. Vir baie van hierdie tieners het God 'n koue afsydige, gevoelose God geword wat Hom verlekker in die mens se seerkry. Grootendeels het jong tieners hierdie ervaring van God omdat hulle van baie vroeg in hulle lewens nie 'n gesonde godsbeeld en ervaring van God gekry het nie. Jongmense wil graag glo dat God in Jesus Christus op 'n baie besondere wyse by hulle wel en weë betrokke is, hulle liefhet en met Sy lewe beskerm. Maar soms kan die sondige gebroke samelewing waarin ons vandag staan, dreig om hierdie besondere wyse waarop God by die jong tiener betrokke is, heeltemal te verberg....en kinders met stukkende godservarings te los. Dan word Foster (1994:21) se vraag 'n skrikwekkende realiteit: "Wat se soort geloof sal ons kinders dan ontwikkel?" of die vraag van Westerhoff: "Will our Children have faith?" (Westerhoff 1976:ix).

Soos Roxburgh (1993:12) tereg opmerk, het geloof opgehou om 'n vormde effek op die samelewing te hê. Hy sê dis nie 'n geval dat mense nie meer in God glo nie, maar God beïnvloed nie meer hulle lewe nie. Roxburgh (1993:14) wys verder daarop dat die invloed van modernisme en die rede enorm was in die lewe van die mens en sy eie

vermoëns. Die mens en wat hy alles kan doen het in 'n sekere sin die plek van God ingeneem. God het vir baie mense daardie portret teen die muur geword – koud, leweloos en afsydig – "There was no longer any need for the idea of God" (Roxburgh 1993:36) .... Die ontnugtering wat modernisme tot gevolg gehad het, sal nooit gemeet kan word nie. Baie mense het die Christelike geloof geblameer vir die stukkende wêreld wat modernisme uiteindelik tot gevolg gehad het.

Die effek wat modernisme op die jong tiener van vandag se godsbeeld en ervaring het, is nog baie duidelik te sien in die verbruikersmentaliteit waarmee hulle ook hulle godsdiens beoefen. God is wel daar, maar solank Hy die portret teen die muur bly is alles reg...
Die pre-modernistiese en modernistiese siening van God is verwerp en moes plek maak vir 'n post-modernistiese siening van God. Hierdie siening sou weer treë in die regte rigting gee, waar ervaring en die belewing van God weer belangrik word. Dit het tot uiting gekom in dinge soos transendentale meditasie, joga en die oosterse mistiek. Ongelukkig was daar in hierdie dinge geen plek vir Christus nie en is dit onaanvaarbaar binne die Christelike geloof en tradisie.

## 1.2 **UITEENSETTING VAN DIE PROBLEEMSTELLING:**

- Die gebrek aan 'n gesonde Bybelse ervaring van God bring mee dat al hoe meer jong mense ontnugter word deur God en die kerk. Robbins sê jong tieners het te veel van 'n "childish faith" in plaas van 'n meer "child-like faith" (Kitching en Robbins 1997:46). Hulle verlaat daarom die kerk en wil niks meer met God of godsdiens te make hê nie.
- "The goal of youth ministry is to help teenagers grow spiritually" (Robbins1990:17) Die probleem wat waargeneem is, is dat die doelwit om kinders te begelei tot geestelike volwassenheid heel dikwels nie bereik word nie, omdat die kind se godsbeeld en sy ervaring van God dit verhinder.
- Die probleem word verder gekompliseer deurdat die kind se omgewing en verwagte ondersteuningsisteme(ouers, vriende, kerk, skool) heel dikwels bydra tot 'n verkeerde verstaan en ervaring van God. Oor die afwesigheid van ouers in die godsdienstige

ontwikkeling van jong tieners, sê De Vries (1994:83) die volgende: "For these young people, alienation from religion had little to do with church programming....The conclusive factor for them was their family of origin".

- Die kind in die middelskoolfase (graad 6 en 7) is in die kerklike jeugbediening nog nie regtig onder die vergrootglas geplaas nie. Dit bring mee dat effektiewe bediening by hierdie kinders 'n probleem bly. Miskien het Rice (1997:15) hierdie probleem die beste opgesom as hy sê dat die graad 6 en 7 leerling te oud is vir die kinders, maar nog te jonk is vir die senior groepe. Die gevolg is dat die middelskoolkind nêrens in die kerklike bedieningstrukture effektief opgevang word nie. In aansluiting skryf Babin (1991:20-21) dat geloof vir baie eeue oorgedra is bloot deur "indompeling" of "onderdompeling" in die Christelike kultuur. Daar was geen gaping tussen die sakrale en die profane nie en die gelowige se ganse lewe was as't ware toegevou in 'n godsdienstige klimaat. Vandag het die prentjie radikaal verander en oorheers die kognitiewe ons godsdiensbeoefening geheel en al.
- Volgens Havenga (1994:41) is die middelskoolkind se voorstelling van God heel konkreet en plaas die kind haar/homself teenoor die denkobjek. Dit beteken dat kinders die werklikheid altyd beleef in die tasbare, hoorbare en sigbare vorme. Indien die samelewing en ondersteuningsisteme die kind blootstel aan negatiewe godsbeelde en ervaringe, laat dit die kerk met die probleem.
- Soos vroeër reeds genoem, het ondervinding in die bediening geleer dat baie volwassenes 'n totaal verkeerde verstaan van God het, en dit het daartoe gelei dat die godservaring van **jong tieners** die onderwerp van hierdie studie geword het omdat dinge heel dikwels al in die middelskoolfase verkeerd loop.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING:

**Die probleem is dat daar dikwels by baie tieners, as gevolg van omstandighede, verkeerde sienings van God kan bestaan wat verrykende gevolge vir hulle kan hê. Kinders ontwikkel baie negatiewe ervarings van God wat hulle uiteindelik laat onttrek uit die kerk, uit hulle geloof en vir God laat verwerp. Die hart van die probleem lê in laasgenoemde. Verder is tieners se ondersteuningsisteme in meeste**

**gevalle nie gerat om hulle by te staan en te begelei deur krisistye nie. Die afwesigheid van hierdie ondersteuningsisteme, vererger of versleg die godsbeeld en ervaringe net verder.**

Ter ondersteuning van hierdie stelling, net die volgende uitbreidings:

# Waarom dan nou juis hierdie groep? Volgens ontwikkelingspsigoloë soos Piaget, Erikson, Fowler, Kohlberg en jeugwerkers wat jare in jeugbediening staan, is 12 en 13 jarige seuns en dogters in die mees veranderende tydperk van hulle lewe. Dis hier waar ons hulle heel moontlik kan wen of verloor. Rice (1997:14) haal statistieke aan wat wys dat die meeste bekerings plaasvind tussen die ouderdomme van 10 en 14 jaar. Roehlkepartain (1991:218) wys deur die ontwikkelingsfases wat sy beskrywe dat middelskoolkinders in hul vrugbaarste jare is wat geloofsgroei betref. Deel van die probleem is dat die kerk en meer spesifiek die jeugwerkers heel dikwels nie rekening hou met die verskillende gebiede van ontwikkeling nie en ook nie met die verskillende FASES van ontwikkeling nie. Omdat God nie verstaanbaar gemaak word binne hul ontwikkelingsfase nie, kan dit meebring dat kinders, sonder dat die jeugwerker dit besef, verdraaide of negatiewe idees vorm oor wie God is. Berryman (Ratcliff et al 1992:38) sê in sy hoofstuk oor die taal van geloof dat die taal baie spesifiek moet wees. In kritiek op Fowler sê hy die taal waarin geloof oorgedra word is belangrik vir die regte verstaan van wie God is. "The Bible warns that we can make a mistake about the image we form..." (Buzzelli 1992:4-5). Dit kan veral gebeur as ons in 'n verkeerde ontwikkelingsfase, sekere kennis wil oordra.

# Die tot standkoming van 'n gesonde godservaring of beeld van God, het 'n milieu nodig waarbinne dit kan gebeur. Hierdie milieu bestaan uit die jong tiener se omgewing en die ondersteuningssisteme. Piaget (Ratcliff et al 1992:3) sê dat ontwikkeling, en meer spesifiek kognitiewe ontwikkeling, die resultaat is van die kind se interaksie met voorwerpe, mense en die omgewing. Louw (1982:199) is van mening dat reeds so vroeg as die prenatale stadium, word ontwikkeling beïnvloed deur omgewingsfaktore. Ook

Sonnekus (1968:20) het vroeg reeds daarop gewys dat 'n kind se oorspronklike ervaringswêreld onderhewig is aan die invloede van 'n bepaalde kultuurwêreld.

# De Vries (1994:49) neem hierdie probleem verder en wys ook uit dat kinders al meer geïsoleer word van die wêreld van volwassenes, en meer spesifiek die rol van volwassenes in die jong tiener se lewe: "By denying teenagers opportunities ... of involvement with adults, our culture sends many youth into the "adult" years relationally, mentally and morally unprepared for the challenges of adulthood."
Dit is dus duidelik dat jong tieners die beste generasie is om te bedien, maar daar is soveel probleemgebiede wat aangespreek sal moet word indien die kerk hulle effektief wil bedien. De Vries (1994:26) sê effektiewe bediening beteken nie net die ontwikkeling van "geestelik volwasse tieners" nie, maar wel "volwasse Christen volwassenes".

# Vir die kerk is die middelskoolkind 'n groot kopseer omdat hierdie groep nêrens baie goed inpas nie. Die kerk sukkel om hierdie groep te verstaan en om hulle te bedien. Min vrywilligers is ook bereid om met hierdie groep te werk. Miskien is dit waarom Tony Campolo (Rice 1997:59) gesê het: "Today's generation of young people are the first in history to be totally unnecessary!" Die probleem kan toegeskryf word aan die feit dat daar feitlik op alle gebiede veranderings in die kind se lewe voorkom - "Perhaps no other word better describes early adolescence than the word *change*" (Rice 1997:54). Die uitdaging lê dus daarin om kerk en jong tieners tussen die ouderdom van 12 en 13 jaar so aan mekaar te verbind dat die kerk 'n leidende rol kan speel in die geestelike volwasse wording, en die daarstelling van 'n gesonde Bybelse godsbeeld in die jong tiener.

## 1.4 HIPOTESE

- Indien die kerk 'n beter begrip het van die mees prominente godsbeelde en ervaringe wat by die middelskoolkind voorkom, kan sy/hy begelei word tot 'n gesonde Bybelse verstaan van wie God is. Dit sal moontlik ook meebring dat die jong tiener kan groei tot geestelike volwassenheid omdat hy/sy nou vir God leer ken soos Hy regtig is en

nie hul eie siening van hom nie. Sodoende kan die jong tiener "voor die skerp draai in die pad" toegerus word om nie teen die "krans van die lewe" af te stort nie.

- Om by 'n oplossing uit te kom, sal daar ook indringend gekyk word na die rol wat ondersteuningsisteme kan speel in die gesonde ontwikkeling van 'n godservaringe. Die hipotese is dat bediening aan die ouers van jong tieners 'n groot rol kan speel in hul godservaring.
- Deur meer ervaringsgerigte onderrig kan die kerk 'n reuse aandeel hê in die gesonde godsbeeld ontwikkeling van die kind.
- Die programgesentreerde benadering en kitsoplossings vir jeugbediening is nie meer bevredigend nie. Wie God is en gesonde Bybelse ervaring van God, tesame met verhoudingsgebasseerde jeugbediening, sal meer stabiliteit in die kind se lewe skep en hom/haar begelei tot geestelike volwassewording.

## 1.5 METODIEK

Die probleem wat ondersoek sal word lê binne die handelingsveld van die Praktiese Teologie en daar sal induktief te werk gegaan word om tot 'n prakties teologiese teorie te kom wat aan 'n jeugbedieningspraktyk getoets kan word. Die navorsing behels 'n literatuurstudie wat interdissiplinêr sal omgaan vanuit die praktiese teologie met literatuur in die Sosiologie en Dogmatiek. Dit sou onverantwoordelik wees om nie ook Bybelse insigte in ag te neem by hierdie studie nie.

Gegewens wat verkry word uit die literatuurstudie sal getoets word deur gebruik te maak van empiriese navorsing van beperkte omvang. Pieterse (1993:31) sê die oorsprong van die begrip empirie lê in die alledaagse ervaringsproses van die mens met sy omgewing. Daarom is empiriese navorsing noodsaaklik ten einde hierdie ervaringsproses te toets en te evalueer. Deur middel van half gestruktureerde vraelyste sal die godservaring van die middelskoolkind kwalitatief getoets word. Net tien seuns en tien dogters in die ouderdomsgroep 12 en 13 sal by die ondersoek betrek word. Die doelwit is om vas te stel hoe die kind vir God ervaar en of jong tieners in daardie ouderdom wel begin om 'n verwarring te beleef ten opsigte van hul godservaring.

## 1.6 HOEKOM IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE?

"Toe Dawie aan die deur van sy dominee se huis klop is sy dertienjarige hart stukkend. Hoekom straf die Here hom so? Hoekom moes die Here so wreed wees en sy ouers laat skei? Hoekom is die Here vir hom so kwaad? En hoekom moes sy meisie hom ook nog eergister afsê? Dit voel vir hom die Here staan agter hom met die belt en soek net rede om hom te straf - soos pappa ook altyd doen..."

"Voor in die straat loop die twaalfjarige Elsa verby. Sy is so lief vir die Here want sy het gebid vir geld vir sjokolade en toe kry sy dit! Tog is sy ook kwaad vir Hom omdat sy nie die nuwe fiets gekry het waarvoor sy gevra het nie. "Ag nou ja" dink sy, "Oupa het ook al dinge vergeet wat ek vir hom gevra het...."

Die vrae en die gedagtes van Dawie en Elsa is wat vir die Praktiese Teoloog van belang is en wat bestudeer moet word ten einde hulle Godervaring vas te stel.

Uit bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat die Praktiese Teoloog hom/haarself gaan besig hou met die geloofshandelinge of geloofsuitsprake van die kind. En daarom word hierdie studie ook binne die studieveld van die Praktiese Teologie gedoen. "Die Praktiese Teologie is daardie deel van die teologie wat krities nadink oor die handelinge van mense wat daarop gerig is dat God en sy Woord by mense uitkom en in mense se lewens gestalte vind. Die praktiese teologie het as objek die geloofshandelinge van mense" (Heyns&Pieterse 1990:1). Hoe die middelskoolkind vir God ervaar is met ander woorde die handelinge wat in hierdie studie bestudeer sal word.

By monde van Pieterse (1990:11) is die antwoord op die vraag "Waarom 'n skrywe in die Praktiese Teologie?" heel eenvoudig: "...vanweë die verband met die praktyk." Deur 'n studie te doen van jong tieners se godservaring, word gepoog om 'n Prakties Teologiese teorie daar te stel wat in die praktyk kan uitloop op die bemiddeling van 'n gesonde, Bybelse ervaring en beeld van die ware God. In die studie van die kind se ervaringe van God en die daarstelling van 'n prakties teologiese teorie, sal daar kommunikatief gehandel word in diens van die Evangelie, met die doel om kind en God aan mekaar te verbind.

## 1.7 BEGRIPSVERKLARING

Ten einde duidelikheid te kry oor die gebruik van die begrippe ervaring of dan by name godservaring en godsbeelde, is dit nodig om dit net so 'n bietjie duideliker te omskryf:

- **Ervaring** – Wanneer die term "ervaring" op die oor val dan is die eerste reaksie normaalweg "dit wat ons voel". As daar byvoorbeeld vir mense gevra sou word wat was hul ervaring van 'n sekere film sou hulle antwoorde wissel van "sleg, goed, hartseer of teleurstellend" tot "snaaks, komies, onverstaanbaar of eenvoudig". Die vraag is dus: "Wat is die reaksie wat 'n sekere onderwerp by mense veroorsaak?" In hierdie studie is die vraag: "Wat is die reaksie of ervaring wat kinders het, wanneer hulle in kontak met God kom?"
  Tamminen (1983:11) definieer religieuse ervaring wanneer sy oor kinders praat soos volg: "...a religious experience is an experience of Deity/God and an experience of life beyond."
  Hubeling (1987:38) kyk só na religieuse ervaring of godservaring:
  Religieuse ervaring = gewone ervaringe + religieuse raamwerk.
  Veldsman (1992:2-3) se definisie is 'n mondvol, maar tog gee dit 'n duidelike beskrywing: "Religieuse ervaring is denkmatige gekonstrueerde gevoelservaring wat gekonseptualiseerd, selftransenderend en geïntensionaliseerd is, ingebed in en medebepaald deur die historiese vergestalting van die betrokke interpreterende geloofsgemeenskap, emotief-spontaan en/of doelbewus refleksief voltrek in/deur die mens"

- Daar sal ook geen onderskeid getref word in die terme **godservaring** en **godsbeeld** nie. Omdat die kind 'n bepaalde beeld van God het, ervaar hy/sy God dienooreenkomstig, en daarom word geen verwarring voorsien in die sinonieme gebruik van hierdie terme nie.

- Verder moet daar kennis geneem word van die sinonieme gebruik van die begrippe **"jong tiener en middelskoolkind"**. In Afrikaans het ons nie die ekwivalent van die Amerikaanse "Junior Higher" of "young adolescent" begrippe nie, en daarom word

daar gekies vir die gebruik van die begrippe "jong tiener" of "middelskoolkind" as gebruiksterme.

- Die kerk is God se bruid en daarom word daar gekies om na die kerk te verwys in die vroulike vorm.

# HOOFSTUK 2:

# UITDAGINGS IN DIE BEDIENING VAN DIE MIDDELSKOOLKIND

## 2.1 INLEIDING

Volgens Foster (1994:42ev) is godsdienstige ervaring baie sterk verbind met die volgende: Wie die persoon is, sy/haar godsdienstige agtergrond, interpretasie van die Bybelteks, verskillende maniere van doen in 'n gemeente, die omgewing en ander mense. As hierdie dinge dan wel die godservaring gaan beïnvloed dan is die rooi ligte besig om aan te gaan want dit word dan duidelik dat hierdie nie die eenvoudigste saak is nie. As soveel dinge 'n invloed het op hoe ook die jong tiener vir God kan ervaar, dan is die uitdagings groot. In die volgende twee hoofstukke gaan daar gekyk word na die uitdagings en ondersteuningsisteme en hoe dit die jong tiener beïnvloed in sy/haar ervaring van God.

Alhoewel Foster se subtitels gebruik word, sal dit ingekleur word met 'n eie interpretasie en eie inhoud.

## 2.2 ONTWIKKELING

*"...religious thought requires formal thinking. A child may know something of religious experience before the advent of formal thinking, but the experience will be less than adequate, from a cognitive point of view. The concept of God, to take the most basic religious concept as our example, is a formal concept."*

(Goldman 1965:80)

Hierdie aanhaling van Goldman gee baie duidelik die boodskap deur – "Daar kan geen konklusie oor die jong tiener se ervaring van God gemaak word, indien die ontwikkeling van die kind nie deeglik bestudeer word nie". Die veronderstelling is dat nie net kognitiewe ontwikkeling nie, maar ook fisiese, emosionele, sosiale, godsdienstige en morele ontwikkeling, bepalende faktore sal wees in die ondersoek na die kind se godservaring. Daarom word hierdie hoofstuk gewy aan die verskillende ontwikkelings determinante van die middelskoolkind.

### 2.2 .1 AFBAKENING VAN DIE OUDERDOMSGROEP IN DIE ONDERSOEK:

Die afbakening van 'n spesifieke ouderdomsgroep behels nie maar net die besluit op 'n ouderdom en daarmee is dit afgehandel nie. Ten einde vas te stel waar veranderings begin intree in die godservaring van die kind moes 'n hele aantal aspekte in gedagte gehou word. Die bespreking van hierdie aspekte sal in die hoofstuk aandag geniet. Die bestudering van 'n hele aantal bronne ter voorbereiding van hierdie studie het daartoe bygedra dat die ouderdomsgroep afgebaken is, en dat daar gewerk gaan word met die middelskoolkind tussen die ouderdomme van 12 en 13 jaar. Die navorsing sal beide seuns en dogters insluit. Hierdie afbakening is grootliks gedoen vanuit die fisiese en veral kognitiewe ontwikkeling van die kind. Natuurlik kan die ander ontwikkelingsterreine nie uit gelaat word nie en sal hulle ook aandag geniet. Voordat daar na die verskillende terreine van ontwikkeling gekyk word, net die volgende oor fases van ontwikkeling: Teoretici se fases van ontwikkeling kan onder geen omstandighede net so oorgeneem word nie. Die rede hiervoor is dat dit nog nie feitlik bewys is dat kinders presies volgens hierdie fases ontwikkel, en nie een fase oorslaan nie. Tog kan dit as riglyn gebruik word in die verstaan van die middelskoolkind se godservaring. Die studie gaan derhalwe nie 'n geheelbeskrywing van elke ontwikkelingsterrein se ontwikkelingsfases gee nie, maar net uitlig dit wat van belang is vir die doel van hierdie studie.

### 2.2.2 FISIESE ONTWIKKELING.

Jong tieners gaan deur baie fisiese (liggaamlik-seksueel) veranderinge gedurende puberteitsjare. Rice (1997:63) het die volgende te sê oor puberteit: "...next to birth itself, it is the most drastic change we experience in life". Hierdie veranderinge, wat soms vir die kind te veel te vinnig of te min te stadig kan wees, kan die ander ontwikkelingsterreine radikaal beïnvloed. Hoe die kind deur ander gesien word en hom/haarself sien, speel 'n baie belangrike rol veral in sosiale ontwikkeling – meer hieroor later. Dit is daarom noodsaaklik dat die jong tiener gedurig verseker word dat fisiese ontwikkeling, maak nie saak hoe vinnig of hoe stadig nie, normaal is. En dat

daardie "skewe neus, lang tone of groot mond" nie regtig so skeef of lelik is soos wat die jong tiener dink nie. Jong mense wat groot word in 'n atmosfeer waar fisiese ontwikkeling gesien word as 'n gewone deel van die lewe, sal met gemak en meer selfvertroue volwassenheid kan betree. Indien dit nie gebeur nie kan die jong tiener se godsbeeld ook daar onder lei as hy/sy vir God sien as "die Een wat my so gemaak het". Rice (1997:73) waarsku ook dat ons nie altyd bekende Christen persoonlikhede soos die beste sportman of die mooiste skoonheidskoningin moet gebruik as rolmodelle nie. Dit kan onnodige druk op die lelike eendjie of maer tengerige tiener seun plaas. Die uitgangspunt moet eerder wees om die jong tiener te begelei om te verstaan dat God vir haar baie spesiaal gemaak het. Meyer et al (1988:362) haal Gordon Allport se propriale ontwikkelingsteorie aan en sê dat die kind moet besef dat hierdie liggaam haar/sy liggaam is. Dit, sê Allport, bly die mens se hele lewe lank die anker van sy selfbegrip. 'n Waarheid wat baie gehoor word wanneer jeugwerkers met tieners oor fisiese voorkoms en ontwikkeling praat is:

"I'm me and I'm good because God make no junk!"

### 2.2.3 KOGNITIEWE ONTWIKKELING:

Ten einde kognitiewe ontwikkeling in perspektief te plaas is, word daar gewys op die onderskeid tussen kognitiewe en intellektuele ontwikkeling wat Louw (1990:10) maak. Volgens hom het intellektuele ontwikkeling te make met probleemoplossing, akademiese vordering en leer, terwyl kognitiewe ontwikkeling te make het met alle aspekte van die mens se kenvermoë. Die jong tiener se kenvermoë hang ten nouste saam met sy sintuiglike waarneming, sy kommunikasie met ander mense en sy algemene vermoë om inligting te verwerk. Dit wil dus voorkom asof Louw baie meer maak van kognitiewe ontwikkeling as bloot maar net breinfunksie. Piaget se uitgangspunt oor kognitiewe ontwikkeling sluit hierby aan. Hy sê dat kognitiewe ontwikkeling die resultaat is van kinders se interaksie met objekte en mense binne 'n bepaalde omgewing(Ratcliff 1992:3).

Piaget se navorsing op kognitiewe ontwikkeling is steeds die mees bekendste. Hy gaan van die standpunt uit dat kognitiewe ontwikkeling in verkillende fases plaasvind. Hy

onderskei 4 groot stadia waarin ontwikkeling by kinders plaasvind nl. babajare, vroeë kinderjare, middel kinderjare en adolessensie (Ratcliff 1992:6). Hieronder identifiseer Piaget by die middel kinderjare en adolessensie, konkreet - operasionele denke(tussen die ouderdomme van 5 en 12 jaar) en formeel – operatiewe denke (tussen die ouderdom van 11 en 15 jaar). Dit is duidelik uit Piaget se vasstelling van die fases dat 'n mens nie met die presiese ouderdom kan werk nie, omdat ouderdomme oorvleuel in die fases. Dit kan dan gebeur dat twaalfjariges wat konkreet operasioneel dink, ook reeds formeel operatief begin dink. Dertienjariges kan weer nooit by formeel operatiewe denke uitkom nie en stagneer in konkreet operasionele denke.

In die **konkreet - operasionele fase** begin die kind verstaan dat hy/sy konkrete voorwerpe kan manipuleer. Die jong tiener is nou nie meer so egosentries nie, maar verstaan alles nog in die raamwerk van die eie ek. R.Case (Ratcliff 1992:10) praat van die kind as 'n "problem solver". Die jong tiener kan 'n klomp goed baasraak, maar het konkrete verwysingspunte nodig. Die verstand van die konkreet operasionele denker, sê Rice (1997:107), werk soos 'n rekenaar - Dit verwerk inligting en kom tot konklusies gebasseer op konkrete inligting.

Miller (1982:78) sê weer dat kognisie te make het met 'n vorm van verstaan wat verder strek as ervaring. Dit sou beteken dat ons ervaring nooit sal mag los maak van die kognitiewe ontwikkelingsfase waarin die kind verkeer nie.

Buzzelli (in Ratcliff et al 1992:8) is van mening dat jong tieners in die konkreet-operasionele fase sal sukkel om teologiese konsepte te verstaan en te bemeester. Hy gebruik die voorbeeld van die Nagmaal. Hy sê dat die beginsel van vlees en bloed wat uitgebeeld word deur brood en wyn, baie moeilik deur die konkreet operasionele denker gesnap word. Die rede, sê hy, is omdat die kind nog nie daardie kognitiewe sprong kan maak, om die abstrakte te verstaan nie.

Goldman (1965:80) praat van die kinders in hierdie fase as "subreligious". Dit beteken dat hulle godsdienstige konsepte baie letterlik verstaan. So byvoorbeeld sal God gesien

word as 'n feëverhaal karakter, onvoorspelbaar, magies en gelyktydig kwaad en vriendelik. Vir hulle is daar ook geen onderskeid tussen God en Jesus nie. Miller (1982:80) is van mening dat die jong tiener in hierdie fase 'n dualisme beleef tussen die magiese God en die alledaagse lewe. Richards (1975:168) wys ook op die gebrek van kinders se verstaan van die Bybel. Hy sê die meeste begrippe en konsepte van God wat ons kinders leer, is abstrak en bo hulle verstaansvermoë. "The majority of theological concepts that fit together in the adult believer's believe-system are...simply beyond the child!" In die lig hiervan is Richards van mening dat dit onbelangrik is om die Bybel vir kinders te leer. Dit beteken nie alles moet nou gelos word nie, maar wel dat die wyse waarop die kerk van kinders verwag om die Bybelse waarhede te leer, radikaal gewysig sal moet word ten einde die Bybel verstaanbaar en ervaarbaar te maak. Richards sê God se Woord moet so oorgedra word dat die kind vir God en Sy teenwoordigheid kan ontdek en daarop kan reageer (1975:171)

Wanneer die middelskoolkind om en by dertien jaar oud word, betree sy normaalweg die **formeel – operatiewe fase**. In hierdie fase begin volwasse denke ontwikkel. Redenasie vermoë ontwikkel goed en die jong tieners begin al hoe meer om abstrakte beginsels te verstaan en te integreer met hul leefwêreld. Verhoudings word ook nou baie belangrik en word veral gestimuleer deur gesprekke met volwassenes.

Watter invloed die formeel - operatiewe denkfase op die kind se verstaan van God het, word baie mooi deur Miller (1982:80) beskryf. Hy sê hier begin die kind nou formeel oor God dink en besef die kind 'n besliste besluit vir of teen God moet geneem word (makliker gesê as gedaan!). Piaget verwys egter ook na regressie, waar dit moontlik is om van formele denke weer terug te skuif na konkrete denke. Hy waarsku ook dat die oorgang na 'n volgende fase nie noodwendig is nie, en dat die jong tiener in die konkrete denke fase kan stagneer (Miller 1982:98-99).

Rice (1997:109) spreek 'n probleem met betrekking tot kognitiewe ontwikkeling van 12 en 13 jariges aan wat baie relevant vir hierdie studie is: "...most junior highers are in-between. Early adolescence are in a transitional and fluctuating state". Dit beteken hulle

is onder andere nie meer heeltemal konkrete denkers nie, maar ook nog nie heeltemal formele denkers nie. Dit is by hierdie oorgang waar die probleem moontlik kan lê. Die kind in hierdie fase is besig om alles wat hy/sy tot nou toe geleer en ervaar het te toets en krities te beoordeel.

Indien daar nie 'n veilgheidsnet (Rice 1997:146) is om hierdie jong tieners te vang as hulle val tydens die oorgang nie, kan die godsbeeld en ervaring skade ly. Piaget sê dat kinders alles wat hulle leer of ervaar, assimileer en akkomodeer. Dit gebeur deur wat Piaget ekwilibrasie noem. Solank die kind voldoende oplossings het vir probleme is daar balans of te wel ekwilibrasie. Maar sodra die kind se kognitiewe strukture nie genoegsame beskerming bied nie tree 'n toestand van disekwilibrium in (Buzzelli 1992:5). Dit opsigself is nie die groot probleem nie. Hoe die kind egter weer by 'n ekwilibrium uitkom is die probleem. Dit kan gebeur deurdat die kind vir hom/haar 'n godsbeeld skep waarin ekwilibrium weer plaasvind, maar die godsbeeld kan ligjare verwyderd wees van die Bybelse beeld van God. Patty (Dunn en Senter 1997:77) waarsku dat outomatiese oorgang van konkreet operasionele denke na formele denke nie 'n gegewene is nie. "...theorists admit that this level of reasoning does not come automatically in adolescent or adult years." Die gevolg hiervan is dat dit kan gebeur dat 'n kind nooit formeel oor God sal nadink en 'n gesonde godservaring opdoen nie. Ekwilibrium mag miskien bereik word, maar met 'n verkeerde godsbeeld of ervaring. Richards (1975:186) gaan selfs verder deur te sê as 'n kind nie data het om mee ekwilibrium te bewerkstellig nie, werk hy/sy met die data beskikbaar. "The child will build a world view with the data he has...and if theological and moral content is not part of his data bank, his construct of reality will leave it out!" So kan dit dan gebeur dat die jong tiener ekwilibrium bereik sónder dat daar plek is vir God....

Hierdie studie het ten doel om uiteindelik te gaan kyk hoe 'n jeugbedieningspraktyk geskep kan word waar die kerk die kind kan begelei tot die bereiking van ekwilibrium. Dit kan moontlik bereik word deur die kind te begelei om God te ken as die ware God en Hom te ervaar as die liefdevolle Vader, soos in die gelykenis van die verlore seun.

Uit bogaande deel oor kognitiewe ontwikkeling is dit baie duidelik dat daar nie oor ervaring gepraat kan word as die kognitiewe nie as vertrekpunt gebruik word nie. By implikasie word Maris (1992:22) hieroor aangehaal: "...doctrine is derived from Scripture, but may be confirmed by experience; experience alone does not prove anything." Die kognitiewe en die ervaring kan dus met reg die twee kante van dieselfde muntstuk genoem word.

### 2.2.4 SOSIALE ONTWIKKELING

"For too long, young people have been told that their greatest problems are drugs, sex, alcohol, etc... These are, in fact, only symptoms of a much greater disease. The disease of youth is [that key relationships] are in disarray – their relationships with God, self, parents, friends, and the world" (De Vries 1994:49).
Bg. aanhaling slaan verseker die spyker op die kop! Die uitgangspunt hier is dat 'n groot deel van kinders se gebrekkige godservaring, te make het met gebrekkige sosiale ontwikkeling.

Patty (1997:75) sê by die middelskoolkind word die sosiale ontwikkeling gekenmerk deur die wegbeweeg van "self-reflektiewe rol aanneming" (selfgesentreerd) na "gemeenskaplike rol deling" (begin om ander in ag te neem). Selman het vyf vlakke van sosiale perspektief-neming ontwikkel wat deur Ratcliff bestudeer is (Ratcliff 1992:11). In vlak 2 praat hy van "Self-reflective Reciprocal Perspective Taking" (7-12 jariges). Hy sê dit is die kind se groeiende vermoë om buite om hom/haar self te beweeg en die perspektief van 'n ander aan te neem. Die middelskoolkind kan dus nou as't ware binne in die skoene van 'n ander staan en beleef wat daardie persoon beleef. 'n Tweede persoon perspektief is moontlik in hierdie fase, mits daardie persoon soortgelyke ervaring gehad het.

In Selman se volgende fase - "Third Person, Mutual Perspective Taking" leer die kind om nou ook mense te akkomodeer wat heeltemal verskillend dink en is.

Die jong tiener begin dus om uiteenlopende perspektiewe te akkomodeer en die standpunte van mense wat anders dink as hy/sy, te respekteer. Dit beteken dat ander mense nou 'n groot deel word van die jong tiener se lewe. Louw (1990:28) praat van die "belangrike ander persoon" wat die kind help om sosiaal stabiel te ontwikkel. Hierdie persone kom uit 'n wye spektrum van die samelewing – Ouers, onderwysers, ander volwassenes en vriende. Die invloede hiervan sal later bespreek word.

Wayne Rice merk heel tereg op dat die drie belangrikste dinge in die middelskoolkind se lewe is 1) vriende 2) vriende 3) vriende (1997:85). Die jong tiener soek vriende wat nie net maats is nie, maar wat in 'n sinvolle verhouding met hom/haar kan staan. Hulle soek iemand met wie hulle die "op's" en die "af's" van die lewe kan deel. Iemand wat vertrou kan word en iemand om op te reken. Die jong tiener se vriende is soos spieëls wat terug reflekteer wie die jong tiener regtig is. "I am because we are", is by die jong tiener 'n baie belangrike beginsel wat help met die ontwikkeling van identiteit, selfvertroue, vertroue in ander mense, 'n sekuriteitsgevoel en die aanleer van sosiale vaardighede. Die jong tiener se vriende word as ware die brug na volwassenheid.

Steve Dickie (1993:17) wys ook op die behoefte aan onafhanklikheid en die kind se wegbeweeg van familiebande sodra hy/sy in die middelskooljare ingaan.
Sosiale ontwikkeling bly primêr die prioriteit van die ouers. Dit is in en deur die ouers en die ouerhuis dat die jong tiener leer om sosiaal te wees. Indien die milieu ontbreek vir die ontwikkeling van sosiale vaardighede, sê de Vries, bly die kind relasioneel, kognitief en moreel onderontwikkel (1994:49-53). Die kerk sal dus baie duidelik moet kennis neem van die belangrikheid van sosiale ontwikkeling – veral wat die rol van die ouers betref. Bogenoemde en die rol van omgewingsinvloede sal later meer volledig bespreek word.

### 2.2.5 EMOSIONELE ONTWIKKELING

Daar is reeds vroeër verwys na die ontsaglike veranderinge waardeur die middeskoolkind gaan. Hierdie veranderings is seker die grootste oorsaak vir die emosionele "roller coaster" (Rice 1997:123) waarin vandag se jong tieners is. Omdat die middeskoolkind

stelselmatig anders begin dink, begin sy/hy ook anders voel en beleef hulle dinge op nuwe maniere. Patty (1997:78) maak die stelling dat jong tieners baie analities introspektief is en daarom baie krities op die eie doen en late let. Dit maak dat hulle baie sensitief en emosioneel kan raak. Hierdie nuwe emosies is heel dikwels baie intens en totaal onvoorspelbaar (Rice 1997:121). Erikson (1963:261-262) wys daarop dat die jong tiener veral drie vrae aan haar/homself vra: Wie is ek? Tot watter groep behoort ek? Wat wil ek bereik? Indien antwoorde op hierdie vrae nie die jong tiener gerusstel nie, word die emosies heel deurmekaar gekrap. Emosies wat mekaar binne sekondes kan opvolg en selfs gelyktydig kan voorkom is liefde, vrees, aggressie, hartseer, geluk en kwade gevoelens ens.

Hoe die middelskoolkind emosioneel ontwikkel, is uiteindelik die resultaat van ontwikkeling op al die voorafgaande ontwikkelingsgebiede – "If junior highers experience emotional turmoil, it is the result of turmoil in the physical, social, or intellectual areas of their lives which are changing and growing" (Rice 1997:122).
Die uitgangspunt hier is dat emosionele ontwikkeling en die begeleiding daarvan kan meehelp in die gesonde ervaring (ja ook met emosies!) van God.

### 2.2.6 MORELE EN GODSDIENSTIGE ONTWIKKELING

In moraliteit moet teorie en praktyk mekaar ontmoet. Daarom is dit belangrik om seker te maak dat die teoretiese verstaan van die fases oorgaan in praktyk. Mussen et al (1984:528) wys daarop dat die kind in sy kinderjare uit sy/haar pad sal gaan om mekaar te help. In die tiener fase is dit egter nie meer so duidelik waarneembaar dat teorie en praktyk geïntegreer word nie. "Like an adult, an adolescent may be able to conceptualise moral issues with considerable sophistication and to formulate the proper moral course to take but may not always act in accordance with this formulation".

In die middelskooljare is die morele ontwikkeling van die jong tiener een van die belangrikste ontwikkelingstake. Mussen praat van die fase wat teen die 10de lewensjaar begin as die fase van "outonome moraliteit" (1970:265). Dit beteken dat die jong tiener

sekere waardes bevraagteken en sekeres weer aanvaar, ten einde 'n eie persoonlike stel morele waardes te vorm. Die kognitiewe ontwikkeling is hier belangrik sodat die kind morele waardes rasioneel kan beoordeel (Hetherington en Parke 1986:675).

Kohlberg se navorsing en vlakke van morele ontwikkeling help baie in die verstaan van die jong tiener se moraliteit. Kohlberg sê dat die kind in die middelskool in oorgang tussen die prekonvensionele vlak en die konvensionele vlak is. Dit beteken moraliteit is baie individualisties en tot eie voordeel. Daar kom nou ook beweging na wat ander van my sal dink. Die perspektief van ander word nou in ag geneem (Kohlberg 1987:283). Hierdie kinders bou hul moraliteit op die verwagtinge van ouers, kerk, gemeenskap en veral God! Die jong tiener het 'n baie sterk "good boy – nice girl" moraliteit (Senter 1997:78). Dit beteken die kind gehoorsaam die reëls om aanvaar te word en verwerping te vermy (Bergling 1981:33).

Morele ontwikkeling kan egter geweldig gestrem word indien die kind se ondersteuningsisteme soos ouers, kerk en samelewing nie die korrekte stel morele waardes oordra en uitleef nie (Nelson 1992:13-45). Dit is belangrik dat die jong tiener blootgestel word aan die morele waarde beoefening van die geloofsgemeenskap. Daardeur leer hy/sy 'n stel norme en waardes aan wat gegrond is op die Christelike geloof. Nelson (1992:61) identifiseer vier hulpbronne (of struikelblokke) in die morele ontwikkeling van die kind nl. familie, skool, kerk en gemeenskap Maar hierdie hulpbronne kan alleen suksesvol aangewend word deur hul betrokkenheid. Indien daar 'n milieu geskep word waar die kind moreel kan ontwikkel, is die stryd al halfpad gewonne! Daarom moet veral ouers ook begelei word om aan hul kinders die regte stel norme en waardes oor te dra.

Baie nou verbonde aan morele ontwikkeling lê godsdienstige ontwikkeling. Fowler sou eerder praat van geloofsontwikkeling (1981:91). Ook hy maak gebruik van die indeling van geloofsontwikkeling in fases. Vir ons van belang is die derde fase wat hy noem "Sinteties–konvensionele fase" (12jaar–volwassenheid). Tog sou dit onverantwoordelik wees om nie reeds by fase twee, "mities–letterlike geloof", te begin nie. Fowler sê fase

twee sluit aan by die jong tiener se konkreet operasionele denke. Die kind begin nou eers om logies te dink en te verklaar. Daar is ook tekens van onderskeiding tussen realiteit en fantasie (Robbins 1990:62). Fowler is verder van mening dat die jong tiener bedreig word deur die wêreld en soek daarom sekuriteit by God. Die jong tiener is dan ook vinnig met die maak van toewydingsbeloftes, maar is ook net so vinnig in die verbreking daarvan! Die rede hiervoor sê Robbins, is nie 'n gebrek aan opregtheid nie, maar omdat jong tieners heeltyd beweeg tussen konkrete en abstrakte denke

Fowler se fase drie word gekenmerk deur interpersoonlike verhoudings. Robbins sê dit beteken dat die jong tiener se geloof geslyp en gevorm word deur die mense wat die jong tiener se pad kruis. Hierdie beginsel het verreikende gevolge vir die ontwikkelende tiener. Die rol van mense (ouers, onderwysers en ander volwassenes) kan nooit oorskat word nie. Hoe ouers en ander volwassenes die kind kan begelei tot geloofsvolwassenheid sal in die hoofstuk oor aanbevelings verdere aandag geniet.

Op die punt is dit belangrik om na Nelson se kritiek op Fowler te kyk en dit kortliks te behandel. Nelson het in sy hoofstuk "Does Faith develop?" (Astley en Francis 1992:62), die vraag gevra of geloof regtig kan ontwikkel. Hy is van mening dat geloof nie volgens 'n formule uitgewerk kan word nie. Hy glo dan ook dat die gebruik van fases uit die psigologie oorgewaai het en nie noodwendig effektief is nie. 'n Kind van sewe jaar, sê hy kan wat geloof betref, beter ontwikkeld wees as 'n kind van veertien. Waarskynlik het Nelson tereg opgemerk dat Fowler te veel werk met 'n idealistiese godsdiens. Berryman (Ratcliff 1992:21-27) deel ook in Nelson se kritiek en beveel aan dat daar nie vanuit die psigologie na geloofsontwikkeling gekyk moet word nie, maar vanuit die teologie self. Ervaring wat opgedoen is in die bediening het dit bevestig.

Wayne Rice (1997:142-154) beskryf die jong tiener se geloof waarskynlik die beste omdat hy vanuit die jeugbedieningspraktyk na geloofsontwikkeling kyk. Hy sê die jong tiener se geloof is in 'n oorgangsfase van "kindwees" na "manwees" (vgl. 1 Kor.13: 11). Die jong tiener se geloof is baie skepties – alles word nie meer as vanselfsprekend aanvaar nie en baie vrae word gevra. Die geloof is baie persoonlik. Dit word nou meer

van 'n persoonlike verhouding met God. Nodeloos om te sê dat die jong tiener se geloof ook baie emosioneel is. Dit is daarom baie belangrik om die kind ook met emosies, God te laat ervaar. Hulle geloof is ook baie inkonsekwent. "They don't practice what they preach" (Rice 1997:148). Dit is egter die jeugwerker/kerk se verantwoordelikheid om vir die jong tiener geleenthede te skep waar hy/sy wel geloof kan uitleef en sodoende verder in die geloof groei. Die jong tiener se geloof is verder baie idealisties, en ken byna geen perke nie. Ten spyte van terugslae en foute het die kind 'n sterk behoefte aan sukses – ook in sy/haar geloofslewe. Die jong tiener se geloof, is soos vroeër reeds genoem, baie relasioneel. Ander mense speel 'n belangrike rol in die godsdienstige ontwikkeling van die kind.

Miskien net 'n woord van waarskuwing: Geloofsontwikkeling gebeur nie in 'n jaar of vyf nie, Berryman (1992:28) sê kinders moet toegelaat word om hulle eie "journey of faith" te hê. Hy sê, dan alleen kan die jong tiener 'n eerstehandse geloof ontwikkel wat 'n gesonde Bybelse godsbeeld sal weerspieël.

Uit dit alles blyk dit duidelik dat die mate waarin geloofsontwikkeling plaasvind, bepalend gaan wees vir die vasstelling en bediening van die kind en hoe sy/hy oor God dink en vir God beleef. Ons sal die kind en hoe sy/haar geloofsontwikkeling lyk, baie goed moet ken en verstaan ten einde met 'n werkbare strategie na vore te kom. Dit kan egter nie so maklik wees nie, soos Robbins (1990:25) tereg opmerk: "To make matters even more interesting, growth in the teenage years involves changes that deeply and profoundly impact the ways that we think about God and the world aroud us..." Hierdie veranderinge sal ons nie kan keer nie, maar ons kan wel "veiligheidsborde" aanbring om die impak van die veranderinge ligter te maak.

## 2.3 GODSDIENSTIGE AGTERGROND.

Gesonde godsdienstige ervaring van jong tieners is waarskynlik in vandag se tyd een van die grootste uitdagings. Die rede hiervoor is waarskynlik tweeledig:

Eerstens omdat kinders baie meer blootgestel is aan ander gelowe, ander maniere van aanbidding en ander kerke. Die jong tiener se godsdienstige agtergrond is nou nie meer so homogeen soos tien of vyftien jaar gelede nie. Natuurlik is dit die ideale resep vir grootskaalse verwarring!: "Wat moet ek dan nou glo? Hoekom is my kerk nie so lekker soos daardie een nie? Daardie mense doen dinge dan so, hoekom doen ons dit anders?" – is maar 'n paar van die vrae wat in jong mense se harte leef.

Tweedens leef families al meer geïsoleerd, en los van die kerk. Dit bring mee dat jong tieners al hoe minder godsdienstige agtergrond het wat kan bydra tot 'n gesonde godservaring. As 'n mens net gaan kyk na die Bybelkennis van kinders, dan besef 'n mens die agtergrond van kinders is verskraal tot dit wat hulle in die wandelgange van die lewe optel. Ondervinding het geleer dat dit selfs meer bedreigend is as blootstelling aan ander godsdienstige groepe.

Hieruit is dit duidelik dat die godsdienstige agtergrond van die jong tiener 'n groot invloed kan hê op hoe sy/hy vir God beleef. Die uitdaging lê dan juis daarin om hierdie agtergrond, of gebrek aan agtergrond, meer stabiliteit te gee en kinders te begelei in hulle blootstelling aan ander gelowe of kerke.

## 2.4 INTERPRETASIE VAN DIE BYBELTEKS.

Hoeveel volwassenes se lewe is nie al deur 'n bepaalde interpretasie van 'n teks deurmekaar gekrap nie. Hoeveel te meer nie die lewe en godsverstaan van 'n jong tiener nie! Die uitdaging lê vir kerke daarin om die Bybelteks so te interpreteer soos God dit wil hê. En dit is baie gevra, maar met fyn aanvoeling en 'n sensitiewe luister na die Heilige Gees, kan die teks reg geïnterpreteer word. Die eensydige beklemtoning of gebruik van 'n spesifieke teks moet egter vermy word. Hierdie uitdaging wat voor die kerk se deur lê, is van uiterste belang en sal met groot omsigtigheid hanteer moet word.

## 2.5 GEMEENTELIKE VERSKILLE

Hierdie uitdaging vra begrip en ruimte omdat dit so baie in die verlede geleentheid geskep het vir konflik en skeuring. En tog moet verskillende maniere van doen uiteindelik dieselfde doelstellings hê, nl. die ontwikkeling van 'n gesonde godservaring en geloofsvolwassenheid. Tog is dit seer sekerlik nie altyd die geval nie, en daarom lê die uitdaging daarin dat jongmense, maak nie saak waar hulle kerk toe gaan nie, steeds binne daardie gemeente dieselfde doelwit en ervaringe vind as in hul eie gemeente. Die feit dat die Gereformeerde kerke en dan spesifiek die NG Kerk die middelpunt van groot kritiek onder jong mense is omdat die kerk nie hulle behoeftes aanspreek, en hulle nie 'n geloofservaring gee soos ander kerke nie, kan vir die kerk 'n verleentheid wees. As die kerk gesonde godservaring en geloofsvolwassenheid by haar jong mense wil kweek, dan sal sy moet leer by ander denominasies se manier van doen.
**Die rol van die kerk, mense en die omgewing sal in die volgende hoofstuk aandag geniet.**

## 2.6 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING.

Waarom so 'n volledige kykie na die ontwikkeling van die middelskoolkind? Ten einde die middelskoolkind te verstaan, is dit nodig om holisties met sy/haar ontwikkeling om te gaan. Die insig wat verkry word uit die bestudering van ontwikkeling, help om te verstaan waarom die kind optree en reageer soos sy/hy wel doen. Dit help om 'n volledige beeld te kry oor hoe die kind oor God dink en moontlik vir God kan beleef.

Die afgebakende ouderdomsgroep bemoeilik die navorsing, omdat hierdie jare die mees onstabiele en veranderende jare is. Niks is vas en seker nie, ook nie ontwikkelingspatrone nie. Tog gee die studie van die jong tiener se ontwikkeling waardevolle riglyne wat kan help in die praktyk van jeugbediening. Die fisiese, kognitiewe, sosiale, emosionele, morele en godsdienstige ontwikkeling mag nooit van mekaar losgemaak nie. Hierdie verskillende ontwikkelingsdeterminante vorm saam die rugraat vir die verstaan en

bediening van die middelskoolkind en meer spesifiek die godservaring van die jong tiener.

In die res van hierdie hoofstuk het ons gesien dat die uitdagings baie, en boonop gekompliseerd is. Maar die uitgangspunt is egter baie duidelik – die jong tiener kan nie 'n geloof beoefen waarin daar geen plek vir ervaring is nie. En daarom is dit belangrik om na die dinge te kyk wat die jong tiener se ervaring van God kan beïnvloed.

Ervaringsgerigte onderrig in elke bedieningsfaset is dus 'n uitdaging wat die kerk, ouers ens. nie voor mag terugdeins nie. Natuurlik sal die kerk moet waak om kinders nie net ervaring te gee nie. Die gevaar, sê Robbins (1990:81) kan bestaan dat jong tieners ervarings gebruik soos Tarzan bome gebruik. Hy sê die enigste probleem is dat selfs Tarzan een of ander tyd uit bome gaan raak! En net so kan die jong tiener so op ervarings bou dat die dag as daar nie 'n ervaring is nie, dan slaan hy/sy op die grond neer, of by die afgrond af.... Ons sal in die laaste hoofstuk met 'n werkbare resultaat na vore kom wat meeste van hierdie uitdagings ondervang.

# HOOFSTUK 3:

# DIE INVLOED VAN DIE JONG TIENER SE ONDERSTEUNINGSISTEME OP SY/HAAR ERVARING VAN GOD .

## 3.1 INLEIDING

Die omvang van die invloed van ondersteuningsisteme mag nooit onderskat word nie. In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na hoe die jong tiener se hele lewe, maar veral sy godsbeeld, beïnvloed word deur mens, omgewing en instansie. Vyf sisteme wat die jong tiener se godservaring kan help vorm of afbreek sal ondersoek word.
Aan die einde van die hoofstuk sal 'n bladsy of wat afgestaan word aan die verskillende beelde wat jong tieners wel van God vorm. Die doel is nie om elke beeld uitvoerig te bespreek nie, maar om tog 'n idee te kry hoe die kind God beleef.

## 3.2 DIE FAMILIESISTEEM EN HUIS

"...the contemporary crisis in youth ministry has little to do programming and everything to do with families" (De Vries 1994:18). Hierdie opmerking van De Vries val nie uit die lug uit nie. Die moderne gesin is beslis vandag in 'n krisis. Sell (1995:26-30) noem 'n aantal aspekte wat dui op die krisis van die hedendaagse familie. Hy sê die familie is baie divers. Normale families met 'n pa, 'n ma en kinders is nie meer 'n gegewene nie. Daar is al hoe meer enkelouers, miskien deur egskeiding of dood, of sommer net ongetroud en enkel uit eie keuse. Mense wat ook saambly, maak die diversiteit van gesinne nog groter. Al hoe meer word beide ouers deur omstandighede genoodsaak om te gaan werk om die pot aan die kook te hou. In sommige gevalle werk een van die ouers ver weg en kom net naweke huis toe. Kinders kom dus al hoe meer in die middae na skool terug na 'n leë huis. Sell sê ook dat die families van vandag baie geïsoleerd is en hul terugtrek in die veiligheid van hul eie huis. Hierdie intimiteit wat daardeur bewerkstellig word is ook nie gesond nie, veral as die kern gesin alreeds nie gesond is nie (Sell 1995:33-35).

Geïsoleerdheid maak dat al hoe meer familielede vereensaam in die breë samelewing. Hulle verloor identiteit en maak die deure wyd oop vir verwaarlosing en misbruik van familielede. Balswick en Balswick (1994:266-267) beskryf probleme wat deur hersaamgestelde families veroorsaak word. Die aanpassing en die stress van 'n "nuwe ma", "pa", "boeties" of "sussies" kan die familiebande verskeur. 'n Ander probleem wat Sell aanspreek is die wye verskeidenheid disfunksionele families. In hierdie families kan die probleem wissel van drankmisbruik tot aanranding.

De Vries sluit by Sell aan deur te sê die probleem in hedendaagse gesinne het te make met die isolering van tieners van die volwasse wêreld en meer spesifiek van hulle ouers. En dit terwyl die jong tiener se huislike omstandighede juis moet bydra by tot die ontwikkeling van die godservaring. "The home is also a key location for the internalization of lifestyle content, the integration of all religious education contents" (De Vries1994:21).

Die vraag is nou: "Waarom is die feit dat families verbrokkel so 'n groot krisis?" Watter rol speel die familie en meer spesifiek pa en ma ?"

Miskien raak Ratcliff (1992:122) aan die antwoord in die volgende aanhaling: "During childhood the family has traditionally been more influential than any other aspect of society in the development of values and behavior." Met ander woorde die familie, kom ons praat meer spesifiek van die ouers, speel 'n leidende rol in die holistiese ontwikkeling van die kind. Ouers is daardie ondersteuningsisteem van waaruit al die ander ondersteuningsisteme hulle krag put. Ongelukkig is die rol van pa en ma in die hedendaagse families en lewe verskraal tot kinderoppasser en broodwinner. Die tyd wat saam spandeer word is dikwels kwantiteit en nie kwaliteit nie. Dit bring mee dat die kind min rolmodelle meer het wat hom/haar kan begelei op die pad na volwassenheid en meer spesifiek geestelike volwassenheid nie. Daar is niemand meer met wie die kind in gesprek kan tree nie. Alhoewel dit nie die beste verskoning is nie, sê Balswick en Balswick (1994:277) dat modernisering en wat dit alles mag behels, skuld dra vir die ineenstorting van families.

Pa en ma is veronderstel om die eerste linie van beskerming of die eerste veiligheidsnet te wees, waarin die jong tiener kan val. Hoe pa en ma ouers is vir hulle middeskoolkind, kan 'n bepalende faktor wees in die godsbegrip van die kind. Sell (1995:288-290) vertel watter groot impak ouers het op die jong tiener se beeld van God. Veral die rol van die pa staan sentraal.

Vianello (in Ratcliff 1992:61-62) het met empiriese navorsing aangetoon dat kinders vir God sien op dieselfde wyse as hulle pa. Hy het verder vasgestel dat kinders wat in kinderhuise is of weg van hulle ouers af is, 'n baie negatiewe beeld van God het. "This suggests that the concept of God is directly affected, positively or negatively, by parents...". Richards (1975:194) wys ook daarop dat ouers die primêre bron van godsdiensonderrig bly, en daarom ook die mense wat die grootste invloed kan hê op die godsbeeld van die kind. Die probleem sê hy is dat ouers egter nie opgewasse is om hierdie taak effektief te kan uitvoer nie. Die uitdaging sê Richards is om antwoorde te kry op die vraag: "How do we help parents understand the divinely designed process by which *they* are to bring up their children in the faith?"

Buzelli en Walsh (1992:150-151) het gaan kyk na die rol wat dissipline speel in die ontwikkeling van 'n gesonde godsbeeld. Hoe ouers hulle kinders dissiplineer kan meehelp in die vasstelling van die die kind se godservaring. "Within this context, children may come to develop a concept of God as one who balances love and justice"

In die verband het verskillende ouerskapstyle dan ook 'n baie groot invloed op hoe die kind vir God ervaar, en mag derhalwe nie oorgeslaan word nie: Craig (1983:319-322) identifiseer drie ouerskapstyle en Maccody en Martin (1983:48) voeg 'n vierde by.

**Outoritêre ouers** plaas klem op absolute gehoorsaamheid soveel so dat die ouers die kind sal verwerp indien hy/sy nie gehoorsaam is nie. Die jong tiener kan ouers dan beleef as 'n slawedrywer met die sweep in die hand, wat net wag vir 'n mistrap. Veelseggend vir baie mense se siening van God vandag....

Die **permissiewe ouer** gee nie veel vir sy kind of godsdiens om nie. Hierdie ouer skep 'n klimaat waar die kind vir sy eie gedrag verantwoordelik is. Geen beheer word oor die kind uitgeoefen nie, en daarom doen hulle wat hulle wil. Dit kan so maklik gebeur dat God op dieselfde wyse beleef word en dat God nie omgee nie. Die kind kan dan maklik vir God kwaad wees indien sy/hy nie hul sin kry nie.

Die **onbetrokke ouer** staan weer van af 'n afstand en toekyk. Hulle is so besig dat daar nie nog tyd vir die kind is nie. As pa en ma as afwesig beleef word, kan dit net sowel ook die belewenis van God wees...

Die vierde ouerskapstyl bring darem so 'n bietjie lig: Die **gesaghebbende ouer** erken en respekteer sy kind en begelei hom/haar tot holistiese volwassenheid. Kinders uit sulke huise sal ook meer geneig wees tot die spontane gesonde ervaring van God.

## 3.3 SOSIALE OMGEWING.

Die rol wat die omgewing speel in die ontwikkeling van die jong tiener se godservaring moenie onderskat word nie. Reeds so vroeg as die prenatale stadium word die kind se ontwikkeling beïnvloed deur omgewings-faktore (Louw 1982:199). Die spesifieke gemeenskap of samelewing waaruit die jong tiener kom, het 'n groot invloed op die kind se godservaring. Richards (1975:193) spreek homself baie duidelik hieroor uit: "Biblical concepts too will also be perceived by growing children as those concepts exists in his social environment!" 'n Gemeenskap wat baie arm is, waar geweld hooggety vier en waar baie gebroke huisgesinne is, se kinders is geneig om anders oor God te dink as hulle wat weer in 'n vooruitstrewende, gesonde en stabiele gemeenskap kom. Dit sê nie noodwendig dat die een reg oor God sal dink en die ander nie, maar dat die samelewing 'n invloed het, dit is beslis. Nelson (1992:I) merk dan ook op dat die gemeenskap waarbinne die kind haarself bevind, haar morele ontwikkeling bepaal. Hy sê verder dat nie biologiese volwassenheid nie, maar die samelewing verantwoordelik is vir hoe die tiener moreel ontwikkel (1992:35).

Natuurlik kan ons nie 'n gemeenskap oornag verander nie, somtyds nooit, en daarom sal dit nodig wees om 'n alternatiewe gemeenskap daar te stel waarbinne die kind so normaal as moontlik tot 'n gesonde geloofservaring van God kan kom. Die uitdaging bestaan daarin om te kyk in hoe verre die kerk daardie alternatiewe gemeenskap kan wees.

## 3.4 DIE SKOOL

Die skool speel 'n belangrike rol in die jong tiener se lewe. Die rol van onderwysers en die skoolsisteem kan die kind meer beïnvloed as wat ons dink. Vir sommige kinders mag die skool die enigste werklike ondersteuningsisteem wees. Nie die kerk of ouerhuis het kwantitatief die geleenthede wat die skool het om met jong tieners die pad te stap nie. Almal hoef nie kerk toe te gaan nie, maar tot op hede word alle kinders nog verplig om skool toe te gaan. En dis net hier waar die skool se rol onontbeerlik raak.
Hoe die skool bestuur word, is natuurlik baie belangrik. In Namibië het die plattelandse skole nog 'n redelike vry hand om vanuit die Christelike geloof kinders se lewe te rig. Amptelik word daar 'n vak aangebied met die naam "Religious and moral education" wat na al die godsdienste kyk met 'n objektiewe oog, sonder om vir een te kies. Waar skole nog baie sterk Christelik ingestel is, word dit weerspieël in die dissipline en algemene moraal van die kinders.

Die rol van privaat Christelike skole word beperk omdat dit finansieël nie moontlik is om 'n groot groep leerlinge te bekom nie. Waar die skole suksesvol funksioneer, soos by Stampriet naby Mariental in die suid-sentrale deel van Namibië, is die invloed ook op daardie samelewingsverband baie duidelik sigbaar. Ratcliff (1992:130-131) sê egter dat die invloed van Christelike skole oor die algemeen minimaal is. Die rede hiervoor voer hy aan is omdat die institusionele godsdiens nie kinders se lewe verander nie, maar eerder hulle wie se lewe getuig van 'n diepe verhouding met Jesus Christus. Ouers en onderwysers bepaal die sukses van so 'n skool. Parakerklike organisasies binne die skoolverband kan ook 'n mooi bydrae lewer en 'n milieu binne die skool skep waar kinders God kan leer ken as die ware en liefdevolle God.

Die onderwyser staan egter beslis sentraal wanneer daar gepraat word oor die godservaring van die jong tiener binne skoolverband. (Ek self is die produk van 'n onderwyseres wat my aan God voorgestel en my gehelp het om Hom te leer ken as my liefdevolle Hemelse Vader.)

### 3.5 DIE KERK.

"... the church too often socializes children to fit into society and adopt its values, rather than resocializing them into a new value matrix" (Campolo 1989:77).

Dat die kerk in die verlede gruwelike foute gemaak het en gekonformeer het oor baie dinge is sekelik waar, maar die kerk bly naas die ouerhuis steeds die beste ondersteuningsisteem. "Only the church and the family can provide Christian nurture..." (De Vries 1994:116). De Vries is selfs van mening dat al die ander ondersteuningsisteme eerder "orphaning structures" is. Hulle voorsien miskien ondersteuning, maar ook net so lank as wat die jong tiener in 'n ouderdomsgroep val wat deur die spesifieke ondersteuningsisteem bedien word. Dit is net die kerk wat lewenslank daar kan wees vir mense. Volwassenes se rol en betrokkenheid by jong tieners, en veral om hulle te begelei tot 'n gesonde godsbeeld, is ononderhandelbaar. Soos reeds genoem, is dit nie die kerk as institusie wat as ondersteuningsisteem so belangrik is nie, maar die volwasse gelowiges wat tot God se eer en verheerliking die kerk bestuur en moeite maak met kinders. "Every Christian teenager needs an extended family(die kerk) of Christian adults – adults who can be part of the "cloud of witnesses" that cheers him or her on" (De Vries 1994:116). Daar is baie getuienisse oor kinders, vandag volwassenes, wie se lewe geraak is deur die betrokkenheid van 'n volwassene.

Die godsdienstige agtergrond en onderrig, vroeëre godsdienstige ervarings en die waarneming van die realiteite van die lewe waaruit die jong tiener kom, gaan natuurlik ook 'n baie groot rol speel in hoe die kind oor God dink en God ervaar. In die verband is Tamminen (1983:11) baie duidelik: "A religious experience always assumes a certain interpretation of reality, with people interpreting the same outer or inner impulses

differentially depending on their own framework. The religious frame of reference on which the impulses are structured is based on earlier experiences and religious instruction in tradition".

Vergote (1989:5) is van mening dat religieuse kontekste baie belangrik is vir 'n godservaring om te gebeur: "Religieuze ervaring heeft plaats binnen een religieuze context. Onze onderzoeking wijzen er op dat er geen spontane religieuze ervaring bestaat....De mens kan slechts een religieuze ervaring hebben wanneer hij zich laat opnemen in een religieuze context..."

Die kerk voorsien dan ook 'n hele aantal kontekste vir die kind om tot 'n gesonde geloofservaring te kom. Kategese, kinderkerk, jeuggroep, kampe en diensaksies is maar net 'n paar van die kontekste binne kerkverband.
Oor morele ontwikkeling, sê Nelson (1992:94), is die kerk in haar geheel, die beste konteks vir tieners om moreel te groei.

Coenie Burger (1997:134) plaas die rol van die kerk verder in perspektief. Hy sê die wêreld is 'n koue en onveilige plek, en daarom soek mense in die kerk na lewe, liefde en warme geloofsgemeenskap. Die jong tiener soek daardie aanvaarding en liefde wat hy/sy so broodnodig het, by die kerk. Vir hulle is die kerk God se hande, sy voete en sy hart – stel die kerk teleur, beleef die kind dit as God wat teleurgestel het. Stel die kerk nie belang nie, beleef die kind dit as God wat nie belangstel nie. Die kerk kan dus 'n blywende indruk maak op die wyse waarop die jong tiener vir God beleef.

Die kerk sal egter moet waak om nie net vir kinders 'n veilige hawe te wees nie. Die kerk sal die jong tiener moet toerus om die lewe buite die vier mure van die jeuggroep of die kerkgebou vierkantig in die oë te kyk en die aanslae daarvan te kan weerstaan. Robbins (Kitching en Robins 1997:43-44) wys dan ook tereg daarop dat die kerk nie net "...tree top" ervarings vir haar kinders moet gee nie, maar hulle met die harde werklikheid konfronteer en 'n geloof help bou wat hierin kan staande bly. Hy sê by implikasie die kerk sal moet strategieë uitwerk wat nie net fokus op bekerings nie, maar ook op groei en

die alledaagse wandel met die Here. As dit kan gebeur, sê Robbins, sal ons jong mense 'n duursame geloof ontwikkel.

Vir baie jong mense is daar geen familie by die huis nie. 'n Fisies-of emosioneel afwesige pa of ma maak dat geen regte familiebande in plek is nie. Die kerk as uitgebreide familie ("extended family") word dan dit wat die ouerhuis nie kon bied nie. Sell (1995:175) toon aan dat die kerk miskien die enigste voorsiener is van primêre verhoudings waarin mense kan staan. Hier leer die jong tiener miskien vir die eerste keer wat liefde en regverdigheid is. Hier leer sy dalk vir die eerste keer wie God regtig is...

Maar dan sal die kerk haar sokkies moet optrek. Dit sou naïf wees van die kerk om haarself heuning om die mond te smeer en te dink alles is reg. Die kerk konformeer te veel. Daar sal terugbeweeg moet word na 'n Gods-kerk. Daarmee is die bedoeling dat die leiers en die lidmate (ouers) van die kerk, self eers weer by God gaan stil raak en hom leer ken vir wie Hy is, en besef dat Hy meer is as die God van sinodesittings en wat straf uitdeel. Die beeld van die kerk is van uiterste belang omdat sy weer die beeld van Christus moet vertoon.

Westerhoff in sy boek: "Will our Children have faith?" (1976:51), maak dit ook baie duidelik dat as die kerk weer 'n krag wil wees, sal sy moet wegbeweeg van die "skool-gerigtheid" daarvan na 'n "geloofsgemeenskap" wat God lief het en kan ervaar. "We sometimes get so concerned about telling people things that we forget the tremendous significance of experience" (1976:62). Die kerk as ondersteuningsisteem se verantwoordelikheid is groot en daarom sal sy haar huis in orde moet kry indien sy 'n bepalende rol wil speel in die ontwikkeling van die jong tiener se godservaring. Die kerk moet God se liefde en aanvaarding, maar ook haar regverdigheid só aan jong tieners oordra, dat hulle sal lief word vir God en onvoorwaardelik getrou aan Hom sal bly. Charles Foster (1994:22) noem en bespreek vyf "foute" in die onderrig sisteem van die kerk. Hierdie vyf dinge kan op die lang duur 'n gemeente se godservaring heeltemal versplinter en daarmee saam ook die van die jong tiener.

1) Hy sê kerke het hulle gemeenskaplike geheue verloor. Met ander woorde die stories

van die Bybel en die geloofsgebeure van gemeentes is besig om verlore te gegaan.

2) Foster is van mening dat daar al hoe meer irrelevansie is in die Bybelonderrig van vandag. Die manier waarop die Bybel oorgedra word (ook binne die erediens!) maak dit baie moeilik vir volwassenes om te leer, wat nog te sê jong tieners!
3) Foster sê verder die kerk is besig om haar onderrig doelwitte te verloor. As 'n kerk nie meer weet vir wat of waarom onderrig sy nie – dan is die inhoud van die onderrig al hoe minder relevant.
4) Die kerk se onderrigstruktuur is in kulturele gevangeniskap. Die NG Kerk was gedurende die apartheidsjare waarskynlik 'n mooi voorbeeld hiervan. Die effek daarvan op duisende jong tieners, se lewe, godsbeelde en godservaringe is genoeg om 'n mens bang te maak.

   Hoe het jong tieners uit ander bevolkingsgroepe nie dalk met 'n ontnugterde godsbeeld gesit wat verkry is uit die NG Kerk se toepassing van apartheid nie?
5) Die laaste probleem wat Foster uitlig, is die kerk se onderrigstrategieë wat daarmee heen is. Sonder 'n behoorlike strategie, sal geen organisasie hond haar af maak nie.

In die lig van hierdie vyf probleme is dit duidelik dat die kerk baie mooi sal moet gaan kyk hoe sy die mense, en spesifiek die jong mense in haar midde kan bedien. Dit moet op so 'n wyse geskied dat jong tieners 'n gesonde godservaring ontwikkel en uiteindelik as geestelik volwasse volwassenes die grootmenswêreld kan betree.

### 3.6 VRIENDE ("PEERGROUP").

Ja, dis reg. Vriende is en kan 'n ondersteuningsisteem wees! Vriende is vandag seker die mees onderskatte ondersteuningsisteem, en die kerk en ouers hou nie altyd daarmee rekening nie. Duffy Robbins (1990:71) gaan verder as dit. Hy sê: "We know that one of the key influences in the faith formation of teenagers is peer pressure – that their faith is greatly affected by interpersonal relationships." Jong tieners spandeer 'n groot deel van hul tyd met hul vriende en daarom is dit ook niks snaaks dat die invloed van vriende baie hoog is nie.

Die vraag is nou of dit goed of sleg is? Robbins wy 'n hele hoofstuk in sy boek "The ministry of nurture" aan die invloed van vriende en groepsdruk, op die geloof van die jong tiener (1990:71-76). Hy is van mening dat groepsdruk van vriende nie altyd negatief is nie. Met die regte ouerleiding kan positiewe groepsdruk kinders se lewe pragtig verander. Die jong tiener kan dalk by vriende net daardie bietjie stabiliteit ontvang wat hy/sy nodig het.

Die tiener vorm 'n groep met die mense wat hom/haar aanvaar soos hulle is en lief het soos hulle is. Die tiener kan ook binne hierdie groep bou aan 'n wankelende selfbeeld a.g.v. al die veranderinge. Rice (1997:87) sê "...friends are mirrors, reflecting back to them who they are." Dit is vir die jong tiener baie belangrik om aanvaar te word en om hom/haarself te leer ken soos vriende hulle ken. Hierdie kennis sê Rice (1997:89) berei die jong tiener voor vir volwassenheid. Indien die tiener nie in 'n groep aanvaar word nie en uitgestoot word, het dit 'n baie negatiewe invloed op die kind. Die gevoel van verwerping kan so maklik dan uitkring na ander ontwikkelingsgebiede soos die godsdiens. "As my vriende my nie aanvaar nie, sal God my seker ook nie aanvaar nie", kan so maklik die jong tiener se redenasie wees. Die plek wat ouers inneem in hul kind se keuses van vriende en ondersteuning in die hantering van groepsdruk, kan die jong tiener baie help.

## 3.7 BEELDE WAT KINDERS VORM VAN GOD

Die behandeling van die godsbeelde van kinders is baie belangrik. Daar mag nie uit die oog verloor word dat God self ook 'n ondersteuningsisteem kan wees in die wyse waarop Hy beleef word nie. Ja natuurlik nie in die selfde sin van die woord as die ander ondersteuningsisteme nie, maar in 'n krisis kan God daardie ondersteuningsisteem wees wat ouers, die kerk of wie ook al, nie kan wees nie. Hoe die jong tiener dan oor God dink, gaan bepaal of hierdie ondersteuningsisteem hom/haar gaan dra of nie.

Rodgers (Shelley 1982:99-107) bespreek die beelde wat kinders van God vorm wat gehospitaliseer is. Hy sê dat krisisse as gevolg van siekte die kind (en die kind se ouers) laat rondval tussen verskillende godsbeelde. Rodgers noem die volgende beelde:

"Authoritarian Judge"; "String Puller"; "Candy Man". As jarelange hospitaalpastor vertel hy ook die van waarde van 'n gesonde en Bybelse godsbeeld. Vir hulle wat Jesus as model het, het 'n siekbed nie die godsbeeld beïnvloed nie. Tog gaan hy verder en sê dat dit nie nodig is om teologies altyd korrek op te tree in die verband nie. Vir 'n agt jarige seun was God die teddie beer wat altyd daar was tydens sy leukemie. Die Teddie beer het hom nooit verlaat nie en selfs die houe en die kwaadword gevat, as die bestraling net alles te veel geword het. En die teddie het verstaan. Vir hierdie kind was dit meer as net 'n teddie wat verstaan – God het verstaan!

In 'n studie wat Vianello en Tamminen (Ratcliff 1992:57-63) gedoen het, het die volgende beelde van God na vore getree: God as die "Superman"; God as Skepper ; God as Towenaar; God as ouer! Curt Cloninger beeld in sy video "God Views" ses negatiewe godsbeelde uit waarmee veral tieners identifiseer. God is 'n kosmiese "Sherrif"; seniele ou man; "partytjie dier" wat net wil hê ons moet goed voel en 'n lekker tyd hê op aarde; God as die ou engelse "Butler" wat spring as ek vinger klap; "mechanic" wat te besig is vir my; "God in the closet" – ons haal Hom net so nou en dan uit en dan moet hy ook nie te veel sê of doen nie. Hy sluit dan af met sy eie verhaal wat baie herinner aan die verhaal van die verlore seun. Dit is die verhaal van 'n liefdevolle Vader wat hom terugneem in sy vaderhuis. Volwassenes in die gemeente van Kalkrand vind die video baie ontstellend, en tog sien baie van hulle vir God soos Kloninger Hom uitbeeld – daardie beelde kom êrens vandaan en uit 'n spesifieke tyd. Dit is die vermoede dat dit uit die jong tienerfase kom, toe daar nie die regte begeleiding was nie....

Uit al hierdie beelde is duidelik dat 'n krisis kan ontstaan, as die dag aanbreek waarop daar op een of meer van hierdie verdraaide godsbeelde gesteun gaan word. Op een of ander stadium gaan hierdie "ondersteuningsisteem" meegee en 'n verwarde, ontnugterde en stukkende tiener tot gevolg hê.

## 3.8 SAMEVATTING.

Wanneer daar teruggekyk word na die ondersteuningsisteme wat behandel is, kan dit so maklik gebeur dat ons elke ondersteuningsisteem geïsoleerd wil toepas. Dit wil voorkom asof die meeste sukses en gesonde ontwikkeling van die jong tiener se godservaring daarin lê, dat al hierdie ondersteuningsisteme in verhouding met mekaar staan. Ondersteuningsisteme is onontbeerlik, ook vir die jong tiener se Bybelse verstaan en ervaring van God. Natuurlik sou daar ook gekyk kon word na 'n paar subsisteme soos sportgroepe of rekenaarklubs. Tog is die besproke sisteme as die primêre ondersteuningsisteme in die samelewing en in die ontwikkeling van die kind beskou. 'n Mens sien nie noodwendig die invloed van die sisteme altyd raak nie, maar neem die sisteme weg, en dan word hul belangrikheid baie duidelik.

Hoe hierdie sisteme gebruik kan word om die kind te begelei tot geloofsvolwassenheid sal later meer volledig bespreek word.

# HOOFSTUK 4:

# EMPIRIESE NAVORSING OOR DIE GODSERVARING VAN DIE MIDDELSKOOLKIND.

## 4.1 INLEIDING

In die tyd waarin ons leef, sal dit onverantwoordelik wees om navorsing te doen sonder om die navorsing empiries te toets. In hierdie hoofstuk sal gepoog word om empiries die middelskoolkind se godservaring te ondersoek, te evalueer en uiteindelik tot 'n konklusie te kom.

## 4.2 VRAELYS EN VERDUIDELIKING VAN SAMESTELLING.

### VRAELYS VIR EMPIRIESE NAVORSING

**a) Iets oor jouself en jou ouers**

1) Is jy 'n seun of dogter
2) Hoe oud is jy nou?
3) Wanneer verjaar jy? Hoe oud sal jy dan wees?
4) Bly pappa en mamma altwee by die huis?
4.1) Indien nie – Is hulle geskei?
4.2) Indien nie – Is een of albei jou ouers oorlede?
Is dit pappa of mamma wat dood is?
5) Indien hulle geskei is, of dood is, by wie bly jy nou?
6) Is pappa of mamma weer getroud?
7) Werk albei jou ouers ?
8) Is jy gelukkig by die huis? Waarom / waarom nie?
9) As jy aan pappa dink – aan watter dier laat hy jou dink en waarom?
10) As jy aan mamma dink – aan watter dier laat sy jou dink en waarom?
11) Praat mamma en pappa met jou oor God?
12) Wie praat die meeste met jou oor God – Pappa of Mamma?

**b) Oor ander mense in jou lewe**

1) Noem een ander (grootmens) volwassene, behalwe jou ouers wat vir jou baie spesiaal en belangrik is.
2) Waarom is die persoon vir jou belangrik en spesiaal?

c) **Oor God en die kerk**

1) Is dit vir jou lekker om kerk toe te gaan?
   Hoekom?/ Hoekom nie?
2) Dink jy die mense by jou kerk het jou lief? Sê hoekom jy so dink.
3) As jy kerk toe gaan, hoe voel jy? Hoekom voel jy so?
4) Help die Kerk jou om vir God beter te verstaan, of nie regtig nie?
5) Voltooi die sin: "Wanneer ek aan God dink, ...
6) As jy die Naam God hoor maak dit jou...(Gee net een woord) en waarom sê jy so?
7) As jy vir 'n maatjie God moet beskryf, hoe sal jy dit doen? (wat sal jy van Hom sê?)
8) Waar dink jy is God nou?
9) Dink jy God het jou regtig lief? Hoekom sê jy so?
10) As iemand jou vra jy moet sê soos wie God is – met wie sal jy Hom vergelyk? Omkring jou antwoord en verduidelik in een sin hoekom jy so sê.

    a) oupa
    b) pa
    c) vriend
    d) towenaar
    e) kwaai skoolhoof
    f) polisieman
    g)"superman"
    h) slawedrywer met 'n weep

11) Wat doen God?
12) Is jy lief vir God? Hoekom/hoekom nie?
13) Wie het jou al gehelp om vir God te leer ken?
14) By watter geleentheid het dit gebeur? Bv. kamp/ skool/ huis/ kerk/ vriende ens.
15) Dink jy jy is vir God belangrik of nie? Hoekom sê jy so?
16) Vertrou jy vir God?
17) As daar een vraag is wat jy vir God wil vra, wat sal dit wees?
18) Skryf 'n brief vir God oor enige iets wat in jou hart opkom – nie langer as 1 bladsy nie.

d) **Oor die lewe**

1) Waarom dink jy gebeur slegte goed met mense?
2) Waarom dink jy gebeur goeie goed met mense?
3) Is alles wat sleg is God se skuld?
4) Dink jy God weet alles, of is daar dinge wat God nie weet

nie?

5) Glo jy dat God weer eendag sal terug kom aarde toe –hoekom sê jy so?

Die vraelys se samestelling is die resultaat van die insigte wat verkry is uit die ontwikkeling van die jong tiener. Die ondersteuningsisteme wat in die vorige hoofstuk ondersoek is, het ook primêr bygedra tot die samestelling van die vraelys. Verder is die praktyk gebruik as kenbron vir die vrae wat spesifiek handel oor God. Die vraelys is ingedeel in vier onderafdelings by name:

a) Iets oor jouself en jou ouers.
b) Oor ander mense in jou lewe
c) Oor God en die Kerk
d) Oor die lewe

By onderafdeling "a" is gepoog om te verstaan hoe lyk die agtergrond waaruit die jong tiener kom. Die geslag, ouderdom en huislike omstandighede van die jong tiener is ondersoek. Hierdie milieu het ons in die vorige hoofstuk gesien, kan 'n groot invloed op die kind hê en daarom moet ons dit toets en evalueer. Die jong tiener se **eie belewenis** van die ouerhuis is getoets om vas te stel of die konteks van die ouerhuis ruimte skep vir die ontwikkeling van 'n gesonde godsbeeld. Verder is daar spesifiek gefokus op die plek en funksie wat die ouers in die jong tiener se lewe inneem. Of die huisgesin gelukkig is volgens die jong tiener en of ouers geskei is of nie, sou waardevolle inligting verstrek om 'n holistiese beeld van die middelskoolkind se konteks te kry. Hoe die jong tiener vir pappa en mamma beleef, is getoets deur te vra dat hulle pappa en mamma met 'n dier moet identifiseer. Die rede vir identifisering met daardie spesifieke dier moes dan verstrek word. Die motivering hieragter lê daarin dat, hoe die jong tiener vir pappa en mamma ervaar, 'n besliste uitwerking het op die kind se verstaan van God.

Onderafdeling "b" het ten doel gehad om net te verstaan of daar 'n ander belangrike volwassene as die ouers, in die kind se lewe is, wat 'n groot invloed het op die jong tiener. Die jong tiener is dan ook gevra om te verduidelik waarom die persoon spesiaal is, en so 'n groot rol speel in sy /haar lewe. Hierdeur is gepoog om vas te stel of daar

ander volwassenes is wat miskien kan bygedra het tot die vasstelling van 'n spesifieke godsbegrip.

In onderafdeling "c" is spesifiek gefokus op die kind se verstaan en ervaring van die kerk en van God self. Die jong tiener se ervaring van die kerk en die mense in die kerk is getoets om vas te stel hoe die kind dink oor die kerk, hoe hy/sy die kerk ervaar en hoe hulle die mense binne in die kerk beleef. Die resultaat op hierdie inligting sou dan verwerk kon word met die veronderstelling dat dit 'n baie groot invloed kan hê op die kind se verstaan van God. Die kerk is immers God se hande en voete hier op aarde en daarom kan die jong tiener so maklik verbindings maak tussen God en kerk.

Die fokuspunt van die vraelys lê in die toetsing van die jong tieners se ervaring van God. Hier is die vrae baie oop gevra sodat die jong tiener kon antwoord dit wat in die hart leef. Die jong tieners is geleentheid gegee om te sê wat hulle van God dink en hoe hulle voel wanneer hulle oor God dink. Verder is hulle siening van God getoets deurdat hulle 'n beskrywing kon gee van God aan die hand van agt verskillende mensbeelde, oa: oupa, vriend, superman ens. Dit was egter ook belangrik om die jong tiener geleentheid te gee om met God te praat by wyse van 'n brief wat hulle vir Hom moes skryf. Hierdie ope brief sou 'n aanduiding kon gee van hoe die kind met God omgaan. Hierdie onderafdeling wou geensins probeer om kinders in 'n sekere rigting te stuur of te dwing nie, maar juis om hulle te help om op natuurlike wyse oor en met God te praat, ten einde vas te stel hoe lyk die jong tieners se godservaring en godsbeelde.

Onderafdeling "d" het laastens probeer om die jong tiener se verstaan van die lewe, in terme van God se betrokkenheid daarin, uit te lig. Die bedoeling hiervan is doodeenvoudig om vas te stel hoe jong tieners oor God dink, wanneer die lewe nie heeltemal die gang gaan soos hulle dit wil hê nie. Die vraelys word afgesluit met 'n vraag oor die wederkoms. Daarmee word gepoog om vas te stel hoe die jong tiener God se betrokkenheid tot die heel einde beleef en of dit vir hulle 'n werklikheid is.

In sy geheel gesien is hierdie vraelys 'n kwalitatiewe ondersoek na hoe die jong tiener God ervaar binne die raamwerk van ontwikkeling, die ondersteuningsisteme en die ervaring van God in die praktyk. Nie al die genoemde ondersteuningsisteme van hoofstuk 3 word hierin uitgelig nie, maar sou wel in van die antwoorde op vrae aan die lig kom.

## 4.3 RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### 4.3.1 Samestelling en agtergrond van die groep jong tieners wat gebruik is in die ondersoek.

Daar is aan bepaalde kriteria voldoen ten einde 'n legitieme groep kinders te kies wat aan die ondersoek kon meedoen.

Kinders van die Danie Joubert Laerskool te Mariental in Namibië is vir die ondersoek betrek. In hoofstuk 2 het ons reeds die ouderdom van die middelskoolkind wat vir hierdie studie van belang is, bepaal op twaalf- en dertien jarige seuns en dogters(graad 6 en 7 leerlinge). Tien twaalf jariges (vyf seuns en vyf dogters) en tien dertien jariges (vyf seuns en vyf dogters) is gekies. Die keuse is gemaak deurdat elke derde seun en vierde dogter op die klaslys gekies is. Hierdie keuse is vry van enige vooraf kennis van die kinders, hulle geloof, kultuur of kerklike denominasies. Dit het teweeg gebring dat die breë spektrum van die samelewing se jong tieners by die ondersoek betrek is. Een van die graad sewe leerlinge is egter nie binne die ouderdomsgroep wat vasgepen is nie en is reeds 15 jaar oud, oppad 16 jaar toe. Sy vraelys en antwoorde sal ook in die lig van sy ouderdom geïnterpreteer word.

Die werkswyse wat gevolg is om die ondersoek te doen, is wetenskaplik verantwoordbaar en die inligting wat daaruit verkry is, kan gebruik word as 'n ware weergawe van die werklikheid.

Om die inhoud van die vraelyste te verstaan en te hoor wat die jong tieners te sê het, is dit nodig om kortliks 'n agtergrondskets van die Mariental gemeenskap en omgewing te gee. Mariental lê in die suide van Namibië en is 'n oorwegend landelike gemeenskap. Daar is 'n hele aantal besighede, kerke en skole op die

dorp. Die hartklop is egter die plaas- en Hardapdam besproeingsgemeenskap. Voortdurende droogtes het Mariental en omgewing baie geknou en die agteruitgang op die dorp is al hoe meer sigbaar. Dit is 'n dorp waarmee die bevolking uitgemaak word uit blankes, Namas, Herero's, Ovambo's, Damara's, Duitsers en 'n hele aantal ander buitelanders. Wisseling van mense is ook nie baie gereeld nie. Die oorgrote meerderheid mense bly al 'n geruime tyd in en om Mariental. Dit het heel waarskynlik 'n baie stabiele en positiewe uitwerking op die gemeenskap. Tog is alles nie maanskyn en rose nie. Mariental is bekend vir hoë syfers in egskeiding, selfmoord, ontrouheid en alkoholmisbruik. Die gebrek aan voldoende, positiewe en opbouende vermaaklikheid is maar een groot rede vir die gebrokenheid in Mariental. Hierdie geïntegreerde plattelandse gemeenskap se eiesoortige aard en omstandighede sal beslis 'n groot uitwerking hê op die wyse waarop die kinders die vraelyste beantwoord en in die uiteindelike daarstelling van 'n holistiese benadering en bediening van hierdie middelskoolkind.

In die verwerking van die data is daar baie noukeurig omgegaan met gegewens. Dit is ook streng vertroulik hanteer. Elke vraelys word nie in hierdie studie woordeliks behandel nie. Algemene en besondere tendense wat voorkom by twaalf - en dertienjariges word egter uitgelig. Omdat die twee ouderdomsgroepe se antwoorde nie noodwendig radikaal van mekaar verskil nie, word dit gelyktydig hanteer. Die tendense wat raakgesien is, sal ondersoek word aan die hand van die onderafdelings van die vraelys. Daarna sal 'n aantal pylers uitgehaal word waarmee ons in die volgende hoofstuk sal werk wanneer ons na die praktyk gaan kyk. Die kinders se pittige en seerkry antwoorde sal ook tussendeur meegedeel word!

### 4.3.2 Interpretasie van vraelyste en vasstelling van tendense by twaalf- en dertien jarige seuns en dogters.

#### a) Iets oor jouself en jou ouers

- Al tien die jong tiener seuns en agt tiener dogters kom uit normale ouerhuise waar geen egskeidings, dood of enkelouers 'n rol speel nie (dus 90% uit normale ouerhuise). Twee van die dertienjarige dogters se ouers is geskei (10% uit gebroke huisgesin). Die een word by ma in 'n enkel ouerhuis groot terwyl die ander een by haar ma en die se vriend bly. Op die vraag of pappa of mamma dalk weer getroud is, het een seun die volgende te sê gehad: "Hulle het net een keer getrou en dit sal die laaste keer wees"!

  Oënskynlik beteken die hoë persentasie normale huisgesinne dat die ouerhuis stabiel is en moontlik kan dien as 'n gesonde milieu vir die ontwikkeling van 'n Bybelse godsbeeld, alhoewel dit nie sondermeer net aanvaar kan word nie. Hierdie hoë persentasie is grootliks te danke aan die sterk plattelandse aard van Mariental en oorwegende plaasgemeenskap rondom Mariental.

- Dit was egter ook opvallend dat nege van die tien seuns en agt dogters aangedui het dat albei ouers werk en dus nie voltyds by die huis is nie (dus 85% van die jong tieners se ouers werk). Die oorblywende seun se ouers het hul eie besigheid waar ma ook uithelp – dus is sy ook nie elke dag by die huis as hy van die skool af kom nie. Tog wil dit voorkom asof dit nie 'n groot invloed op hulle geluk in die huis het nie. Agt van die tien seuns (80%) het aangedui dat hulle baie gelukkig is by die huis, want hul ouers het hulle lief en sorg mooi vir hulle. Twee seuns (20%) het aangedui hulle is nie baie gelukkig nie. Een het sy hart se seer oor sy ouerhuis soos volg gedeel: "Dit voel vir my asof ek net gemaak is om te presteer....As ek sleg doen in sport of akademie kry ek raas...Ek wens ons kan by 'n ander plek gaan bly." Hy sê dan ook dat dit veral pappa is wat hom so druk en dat pappa al sy werkstres op hom uithaal. Uit sy vraelys is dit duidelik dat hy nie gelukkig is om op Mariental te bly nie en dat hy die plek kwalik neem dat pappa "...nie meer saam met ons speel nie, TV kyk is belangriker." Nadere ondersoek van die res van die vraelys wys egter uit dat die invloed

op sy godsbelewenis nie noodwendig negatief deur sy pa se optrede beïnvloed is nie.

Die ander een (die 15 jarige seun) is nie gelukkig nie omdat hulle as gesin nie met mekaar praat nie. Uit die res van sy vraelys het dit ook duidelik geblyk dat die funksionering van sy gesin hom baie negatief beïnvloed – ook tot 'n mate sy godservaring. So vra hy later vir God: " Waarom kan ons nie ook 'n gelukkige huisgesin wees nie?"

Ook die dogters blyk baie gelukkig te wees by die huis. Een van hulle sê dit so mooi: "En as ek 'n rowwe dag by die skool gehad het weet ek as ek nou by die huis kom, gaan alles weer verander en gaan ek daarvan vergeet." Alhoewel die dogters se antwoorde nie so voor die hand liggend is soos die seuns sin nie, kan daar tog afgelei word dat hulle redelik gelukkig is in hul ouerhuise (8 uit 10 – dus 80%).

Een dogter sê sy is nie so gelukkig nie omdat haar ma altyd net met haar raas. Een van die meisies wat uit 'n gebroke huis kom, sê dat sy baie baklei met haar ma se vriend en dat sy en haar ma ook baie stry – dit maak dat sy nie baie gelukkig is by die huis nie.

- Baie insiggewende antwoorde is verkry op die vrae met watter dier die jong tiener vir mamma en pappa mee sal beskryf:

***Pappa:***

# Leeu: 6 seuns; 4 dogters (50%)

Al hierdie jong tieners wat gesê het pa is soos 'n leeu, sê so omdat pa op een of ander manier baie kwaai is.

Een van hierdie dogters het haar pa met nog twee ander diere ook beskryf nl. 'n bobbejaan – "...maak 'n grap van als" en 'n krokedil – "...baie kwaai op dissipline"

# Beer: 2 dogters (10%)

Beide hierdie dogters gebruik die beer metafoor om te sê pa is groot en sterk. Een gaan verder en sê haar pa is 'n beer omdat sy hom net wil drukkkies gee.

# Waghond/kwaai hond (2 seuns – 10%)

Die waghond metafoor is deur een seun gebruik om te sê sy pa beskerm hom as iets of iemand hom wil seermaak. Die ander seun is die een wat vroeër aangedui het sy pa wil net hê hy moet presteer en wat nie meer tyd spandeer met hom nie. Hy vergelyk sy pa met 'n kwaai hond: "Al byt hy soms, kan hy ook 'n mens se beste vriend wees."

# Die ander metafore waarmee pa vergelyk is wissel van 'n renoster " kwaai en 'n groot pens"!(1 dogter) ; duisendpoot – "Hy's baie op die pad" (1 dogter); bok – "Hy sal sy lewe vir my gee" (1 seun); kat – "pappa is nogal sag" (1 seun).

# Die vyftien jarige seun se metafore spreek boekdele van sy verhouding met sy ouers en hul betrokkenheid in sy lewe. Hy vergelyk sy pa met 'n bosaap – "...altyd besig om iets te doen"

# Die dogter wie se ma geskei is en nou saam met 'n vriend bly beskryf haar eie pa as 'n slang – "...want hy het ons gebreek en hy "warie" nie meer nie. Hy bel nie, hy kom kuier nie..."

Uit die metafore wat hierdie jong tieners vir hul pa's gebruik is dit duidelik dat alles nie altyd so maklik is nie en dat pa's nie altyd so toeganklik is vir hulle kinders nie. Ons sal later sien dat hierdie sake nie noodwendig negatiewe godsbegrippe tot gevolg het nie, maar dat daar wel faktore is wat in gedagte gehou moet word.

***Mamma:***

Die metafore wat vir mamma gebruik is, weerspieël ook dat alles nie pluis is in die ma-kind verhouding nie, maar dat dit tog beter lyk as die verhouding met pa:

# Kat / huiskat / katjie / wyfie kat / - 2 seuns ; 3 dogters (25%)
"Kat" het vir hierdie groep jong tieners oorwegend die betekenis van 'n sagte liefdevolle dier en verbind vir ma daarmee. Een dertien jarige dogter noem haar ma 'n wyfie kat omdat ma "baie kwaai is en baie baklei".

# Voël / voëltjie – 2 seuns ; 2 dogters (20%)
Ook hier is die beskrywing van ma baie positief en word die matafoor gebruik om te sê ma is sag en liefdevol.

# Geitjie – 1 seun ; 1 dogter (10%)
Ma raas en skree heeltemal te veel na hulle sin en beskryf haar dus met 'n geitjie.

# Hasie – 1 seun ; 1 dogter (10%)
Ma is baie sag

# Bobbejaan / wilde aap / "moos" – 2 seun ; 1 dogter (15%)
Hierdie metafoor word gebruik om te beskryf hoe kwaai ma kan wees en hoe baie sy kan raas.
Die vyftien jarige seun beskryf sy ma ook in soortgelyke terme – "moos on the loos".
Daaruit kan afgelei word dat sy min of selde by die huis is en ook nie baie aandag skenk of moeite doen met hom nie.

Die volgende beskrywings het ook voorgekom:
hoenderhen – beskerm haar kinders (1 seun)
hondjie – sy vergewe altyd (1 seun)

mamma beer – besorg oor haar kinders (1 dogter)
leeu – sy is baie kwaai

Dit was belangrik om by die beskrywings oor pa en ma, tyd en plek te spandeer omdat ouers beslis die grootste invloed op kinders het. 'n Goeie verhouding met ouers kan die pad net meer gelyk maak vir die leer ken van en ervaring van God.

- Met redelike sekerheid kan gesê word dat ouer(s) nie altyd hulle verantwoordelikheid nakom om met hul kinders oor God te praat nie. Agt uit die tien seuns (80%) het 'n reguit ja geantwoord op die vraag of hul ouers met hulle oor God praat, terwyl net drie dogters (30%) reguit ja gesê het. Dit wil sê net 55 % jong tieners kon hierop 'n reguit positiewe antwoord gee. Hierdie persentasie is egter baie vleiend as in ag geneem word dat net een seun en vier dogters aangedui het dat albei ouers met hulle oor God praat. Ons praat dus maar van 25% waar albei ouers met hulle kinders oor God praat! Vier seuns en vyf dogters (45%) het aangedui dat mamma die meeste met hulle praat oor God, terwyl vier seuns en een dogter (25%) weer pappa as voorganger aandui. Een seun (5%) sê sy ouma praat met hom oor God.

Uit hierdie statistieke kry mens koue rillings as daar gekyk word na hoe min ouers moeite doen om met hulle kinders oor God te praat. Die feit dat veral pa's op die agtergrond staan wanneer daar met die kinders oor God gepraat word, is bekommerenswaardig. Die jong tiener kan so maklik die afleiding maak dat mans hoef nie oor God te praat nie. Hierdie opmerking word nie uit die lug gegryp nie. Bediening in die praktyk bevestig dat meeste mans die praatwerk oor God met hul kinders los vir die vrou. Die man is die broodwinner en die vrou die geestelike opvoeder. As daar verder in ag geneem word dat baie pa's ook as die kwaai leeu gesien word, kan dit net verdere verwydering skep tussen pa en kind. Daar is dus van min positiewe opbouende kommunikasie hier ter sprake.

**b) Oor ander mense in jou lewe**

- Onder hierdie afdeling is gepoog om vas te stel of jong tieners in sinvolle verhoudings met ander volwassenes staan, wat moontlik kan bydrae tot 'n gesonde godservaring. Groot was die verrassing om vas te stel dat 5 van die tien seuns (50%) en ses van die tien dogters (60%) hulle oumas en oupas opgee as die belangrike ander volwassene. Dit gee vir ons 'n totaal van 55% jong tieners. Na wat afgelei kan word, het net twee seuns ander volwassenes as familielede opgegee wat vir hulle spesiaal en belangrik is. Die ander drie het sussies of 'n oom aangedui. By die dogters was die res almal familieverwante persone wat belangrik geag is – susters en tannies. Natuurlik kan mens nie te veel hiervan maak nie, maar die vraag is tog: **Is daar dan nie ander volwassenes wat moeite maak met hierdie jong tieners nie?** Waarom is dit net familie wat genoem word terwyl ander volwassenes(kerk) skynbaar afwesig is? Dit is interessant om te noem dat die "ouma, oupa, oom, tannie, se liefde vir my" in 90% van die gevalle die kind se kriteria is waarmee hy/sy die volwassene as belangrik en spesiaal ag. Aanvaarding en liefde is vir die jong tieners baie belangrik. Hoe gaan hierdie jong tieners verstaan dat God hulle lief het en aanvaar as die mense rondom hulle nie hierdie Godsliefde en aanvaarding aan hulle oordra nie?

**c) Oor God en die Kerk**

- Oor hoe die kinders kerk beleef, is baie moeilik om in persentasies om te sit omdat die antwoorde baie uiteenlopend is. Waar moontlik sal wel met persentasies gewerk word. Dit het duidelik geword uit die jong tiener seuns en dogters se antwoorde dat hulle die kerk tot op hede nog redelik positief beleef. Al twintig kinders het byvoorbeeld aangedui dat hulle bly of gelukkig voel om kerk toe te gaan. Hier en daar is ook ongelukkigheid uitgespreek oor die doodsheid van die kerk of omdat "ma my dreig"! Maar oor die algemeen is daar 'n baie positiewe houding jeens die kerk. Wanneer daar egter oor die mense in die kerk gepraat word en oor die vraag of hulle omgee vir die jong tieners en hulle liefhet, is die antwoorde baie meer bedeesd. Twee seuns en vier dogters (30%) het reguit aangedui dat hulle nie weet of die kerkmense hulle lief het nie. Die ander antwoorde is wel baie positief, maar 'n mens kry die idee van sommige dat dit is wat hulle graag wil glo, maar dat dit nie altyd waar is nie. Die

volgende antwoord van 'n dertien jarige dogter onderstreep hierdie vermoede: "Ja, want ons almal moet vir mekaar lief wees, want ons mense is almal soos broer en suster." Dit klink net al te veel na 'n mooi sondagskool antwoord.

- Op die vraag of die kerk 'n bydrae lewer om God beter te verstaan, is die antwoord oorweldigend: Negentien jong tieners (95%) het aangedui dat hulle kerk op een of ander wyse daartoe bydrae dat hulle God beter verstaan. Twee van hierdie jong tieners het egter bygevoeg dat dit nie altyd so maklik is nie omdat "n mens nie altyd alles verstaan wat die dominee/pastoor sê nie." Net een dogter het reguit gesê sy dink nie die kerk help haar om 'n beter verstaan van God te kry nie.

- Wanneer die middelskoolkind aan God dink en die naam "God" hoor, gaan daar 'n klomp dinge deur hierdie jong mensies se koppe en kom daar 'n klomp verskillende gevoelens los. Die mees algemeenste opmerkings was die van geluk en blydskap. Die jong tieners word nie regtig bedreig deur God of deur sy betrokkenheid in hul lewe nie. Die vyftienjarige seun het egter gesê hy is bang as hy die woord God hoor, "want dit is so 'n groot woord." 'n Ander seun het weer gesê hy is bang omdat mense jou bang praat met God. Een seun het ook aangedui dat hy bang is wanneer hy aan God dink omdat sy ma vir hom gesê het God sal hom straf as hy verkeerd doen. Die dogters blyk meer gemaklik te wees in hul nadenke oor God deurdat 'n hele aantal van hulle in sagte liefdevolle terme praat oor Hom. Opmerkings soos: "liggies wat skyn, Koning in die Hemel, iemand vol liefde, 'n ware vriend", getuig van die feit dat God vir hulle geen vreemde begrip of gedagte is nie, en dat hulle ook bly en gelukkig voel wanneer hulle aan Hom dink. Twee meisie het egter gesê hulle weet nie hoe hulle voel wanneer hulle die woord "God" hoor nie.

- Om vir 'n maatjie te beskryf wie God is, was klaarblyklik ook nie 'n te groot probleem vir die jong klomp nie. God is onder andere beskryf as Skepper, liefdevolle Vader, hy vergewe jou sondes, groot en almagtig, hy is beter as satan, 'n vriendelike persoon wat net die beste vir ons wil hê, iemand wat jy kan vertrou en 'n ware vriend. Uit die antwoorde aan 'n maat kan ons dus duidelik sien dat die jong tieners van Mariental 'n redelike begrip het van God in die breedste sin van die woord. Een

dogter het God beskryf as "one good guy". Sy het God ook as 'n "superman" en vriend beskryf. In haar brief aan God vra sy ook of daar ooit iets is wat vir God kwaad maak – so asof dit net nie moontlik is nie. Om so oor God na te dink kan meebring dat 'n totaal verkeerde godsbeeld ontwikkel.

- Vir hierdie studie is die vraag: "Met wie sal jy God vergelyk", van groot waarde omdat ons daarin 'n in diepte kykie kan kry met wie die jong tiener vir God vergelyk en daarom ook insig kry in hoe sy/hy oor God dink. Sommige jong tieners het God met meer as een karakter vergelyk en daarom sal persentasies nie noodwendig by 100% uitkom nie. Die volgende inligting is uit hierdie vraag verkry – God vergelyk met 'n:

  ~ Oupa : 3 seuns ; 1 dogter (20%)
  ~ Pa : 4 seuns ; geen dogters (20%)
  ~ Vriend : 3 seuns ; 5 dogters (40%)
  ~ Polisieman : 1 seun ; 2 dogters (15%)
  ~ "Superman" : 1 seun ; 4 dogters (25%)
  ~ Towenaar; kwaai skoolhoof; slawedrywer met 'n sweep:Geen

Uit hierdie inligting moet daar na een of twee interessante tendense gekyk word: Die oupa metafoor vir God word deur 20% van die jong tieners gebruik. Dit klink opsigself nie na 'n te groot persentasie nie, maar uit 'n totaal van net twintig kinders is dit ietwat bekommerenswaardig. Een seun het dan ook die vermoede hier rondom bevestig: "hy was altyd vrygewig". Hierdie Godsbeeld kan 'n reuse skok kry indien iets gebeur en God skielik nie meer so vrygewig is nie. Dit is veral in die praktyk sigbaar waar ouer tieners hierdie soort van ervaring gehad het met God en dan heel ontnugter is omdat God hulle dan nou "gedrop" het, en nie vrygewig was nie. Burger (1997:18) het hierdie beeld wat mense van God het baie mooi beskryf: "Wat ons eintlik wil hê, is nie soseer 'n hemelse Vader nie as 'n Oupa-in-die-hemel, 'n dierbare, goedhartige, effens seniele Ou Man, wat wil hê dat almal op aarde die lewe moet geniet, en wie se groot plan vir die skepping niks meer behels nie dat almal om liefdeswil aan die einde van elke dag moet kan sê: "Ons het

'n baie lekker tyd gehad!" In die laaste hoofstuk sal aandag gegee moet word aan hoe sulke godsbeelde verhoed kan word of dan ten minste hoe om hul invloed te beperk.

Oor die pa en vriend beeld is daar die verskynsel dat meer seuns praat van God as pa en meer dogters weer van God praat as vriend. Trouens geen dogter het die pa metafoor gebruik om God mee te beskryf nie. Dit wil dus voorkom asof ons hier een van die enigste werklike verskille kry tussen seuns en dogters in hul godservaring. Seuns kan meer geredelik vir God pa noem terwyl dogters weer eerder van God as 'n vriend sal praat. Hoe pa in die ouerhuis ervaar word, kan soos hier gesien, 'n groot invloed op die beeld en ervaring van God hê.

Baie duidelik het die beeld wat die polisie uitstraal oor die afgelope jare baie verander! Vir baie jare was 'n polisieman iemand vir wie jy bang was en draaie omgeloop het, omdat hy jou gaan vang en toesluit. Die jong tiener dogters wat God hier met 'n polisieman beskryf, doen dit egter almal baie positief. God is soos 'n polisieman, "want Hy beskerm ons", "Hy sal die duiwel vang en toesluit", en "Hy help jou uit die moeilikheid". Die vyftien jarige seun se antwoord is nie baie duidelik gemerk of dit 'n kwaai skoolhoof of polisieman man is nie. Dit maak egter nie so veel saak nie omdat ons, in die lig van die res van sy vraelys, hier iets kry van 'n baie negatiewe ervaring van God.

Die "superman" metafoor word baie deur veral dogters gebruik met motiverings soos die: "Hy is die sterkste lewende wese" en "Hy help ander". Die probleem hiermee is dat die jong tiener so maklik ontnugter kan word as God dan nie meer die "superman" van hulle lewe is nie. By sommige volwassenes bly die ontnugtering ook groot. Binne gemeenteverband is die volgende vraag op baie mense se lippe: "Hoekom kan die Here nie help soos ek dit nodig het nie?". Ons sou dit kon vertaal met "Waarom kan superman nie aan my behoeftes voorsien soos in die flieks nie?". Baie jong tieners beleef God so sonder om dit werklik te besef – dit kom baie keer eers jare later na vore...

- Dat die jong tieners vir God lief het, en God hulle lief het is nie debateerbaar nie, maar by die redes wat hulle op hul antwoorde verstrek, kan ons wel vir 'n oomblik

stilstaan: Vyf seuns en drie dogters (40%) sê hulle is lief vir God omdat God hulle op een of ander wyse altyd help en beskerm. "Hy gee vir my kos en klere" – "hy beskerm my elke dag" is maar twee van die antwoorde. Twee seuns en vyf dogters (35%) het weer aangedui dat God hulle lief het omdat Hy baie dinge vir hulle doen en hulle baie help. Uit hierdie antwoorde is dit seker nie nodig om die bobbejaan agter die bult te gaan haal nie, maar tog: "beskerm die Here altyd? Wat van daardie Christen meisie wat verkrag word, of wie se ouers vermoor word? Wat van daardie gesin wat alles verloor en selfs nie eers klere en kos het nie? Wat van daardie jong kind wat Vigs kry deur 'n bloedoortapping? Kan hierdie jong tieners se redes vir hulle liefde vir God as legitieme redes aanvaar word? Wat gaan gebeur met hulle liefde as dinge die dag regtig skeef loop? – Gaan gebeur soos wat tans in ouer tieners en volwassenes se lewens gebeur – Vir God blameer en die kerk vaarwel toeroep? – Selfmoord pleeg want, "daar is geen uitkoms nie"? Wat het dan geword van die liefde vir God!?"

Die prentjie is natuurlik nie heeltemal duister nie. Die oorblywende jong tieners het aangedui dat hulle God lief het en God vir hulle lief het omdat Hy aan 'n kruis vir hulle sondes betaal het, of soortgelyke antwoorde.

- Die rolspelers wat kinders begelei om God beter te verstaan soos ons in die hoofstuk oor ondersteuningsisteme gesien het, speel beslis 'n groot rol.

  Ses seuns en vyf dogters (55%) het aangedui dat een of beide ouers hulle gehelp het om God beter te leer ken. Waar net een ouer betrokke was, was net ma se naam genoem – dit is ontstellend dat pa's nie ook hier funksioneer nie.

  Oupa en ouma is deur twee seuns en drie dogters (25%) aangedui as belangrike rolspelers in die beter leer ken van God. Hierdie persentasie is belangrik omdat ons vroeër ook gesien het hoeveel jong tieners se grootouers die ander belangrike volwassenes in hul lewe is. Hierdie is beslis 'n ondersteuningssiteem wat baie onderskat word.

  Die dominee of ander geestelikes is deur drie seuns en vyf dogters (40%) aangedui as die persoon wat hulle gehelp het om God beter te leer ken. Ander mense wat genoem is, is vriende – twee seuns en twee dogters (20%); onderwysers – twee seuns (10%).

Die rol van die jong tieners se vriende moet nie onderskat word in die beter verstaan van God nie. Die aanvaarding, sekuriteit en liefde wat hy/sy in die groep vriende kry kan baie beteken vir die kind se godservaring en godsbeeld ontwikkeling.

- Die huis: Tien uit die twintig (50%) jong tieners wat getoets is, het aangedui dat die huis die ruimte is waarbinne hulle meer van God geleer het. Dit is baie veelseggend en verblydend dat kinders ten spyte van 'n gebrek aan ideale huislike omstandighede tog steeds die huis uitsonder as die plek waar God leer ken word. Dit is bloot maar net 'n bevestiging van die rol van die ouerhuis wat in 'n vorige hoofstuk reeds bespreek is. Vier kinders (20%) het die skool uitgewys as die plek waar God beter leer ken is. Die kerk is deur ses kinders (30%) aangewys. Dit gee ons 'n aanduiding dat die kerk beduidend is wanneer daar oor kennis van God gepraat word. Daarom dat die kerk as een van die belangrikste rolspelers onthou sal moet word wanneer daar in die laaste hoofstuk na die praktyk gekyk word. Jeugkampe is een van die mees onderskatte ruimtes wat gebruik kan word om kinders te begelei op die geloofspad. Agt kinders sê dat kampe hulle gehelp het om God beter te leer ken. Dit wil sê 40% van die kinders! Natuurlik is dit nie net die een óf die ander nie – Dit is meer dikwels die een én die ander, maar kampe is en bly 'n kragtige middel waarmee kinders bereik kan word.

- Dit het verder uit die vraelyste geblyk dat die jong tieners glo hulle is vir God belangrik en dat hulle vir God kan vertrou. Al twintig van hulle was dit hieroor eens. Die vraag wat dan onwillekeurig opkom is: "Waarom dan die ontnugtering in die latere tienerjare?" Binne 'n kwessie van drie jaar maak hierdie kinderlike geloof en vertroue plek vir twyfel en wantroue. Dit sou daarom raadsaam wees om in 'n volgende studie 'n vergelyking te trek tussen die middelskoolkind en die laat hoërskoolkind (15 – 17 jaar).

- Die jong tieners kon ook een vraag vir God vra en daarna 'n brief vir Hom skryf oor enigiets op hul hart. 'n Samevatting van hierdie vrae, lyk soos volg:
    1) Here sal U nie asseblief my sondes wegneem nie?
    2) Hoekom is die wêreld so vol verkeerde goed?

3) Sal U my help om reg te lewe?

Dit is onnodig om twintig verskillende antwoord te gee en daarom word volstaan by hierdie drie vrae. Dat die kinders worstel met sonde – "Liewe Heer vergewe my sondes, omdat ek wil nie Hel toe gaan nie" – en die gebroke wêreld waarin ons leef, is baie duidelik uit hulle vrae en ook uit die daaropvolgende briewe wat hulle vir God kon skryf. Kinders se seer het ook in die briewe na vore gekom soos in die een: "Here ek wil weet hoekom sommige families so lekker saam met mekaar praat, lag en gesels. Here dan wil ek weet hoekom dit ook nie met ons se familie so gaan nie?" Of die een: "...gaan met my ma waar sy nou deur 'n moeilike tyd gaan, waar sy moet skei en waar ons twee alleen gaan bly..."

Die briewe het ook 'n plek geword waar baie kinders hul liefde vir God verklaar, sonde bely en vir God vra om hulle te beskerm. Baie het ook dankie gesê dat die Here vir hulle so goed is.

Ek is tog teleurgesteld dat die vyftien jarige seun nie hierdie vrae voltooi het nie. Al wat hy geskryf het by die vraag wat hy vir God kon vra is: " hoekom, waarom en vir wat". Of dit net doodeenvoudig vir hom onbelangrik was om in te vul en of dit miskien 'n aanduiding is van wat in sy hart en in sy verhouding met die Here aan die gang is, sal ons nie weet nie. In die lig van die res van sy vraelys, wil dit voorkom asof laasgenoemde nie te ver van die waarheid is nie. As sy vraelys 'n aanduiding is van wat in die latere tienerjare gebeur dan is dit belangrik dat ons dit in gedagte hou in die laaste hoofstuk, en die bediening aan die middelskoolkind.

**d) Oor die lewe**

- Die laaste onderafdeling se vrae het in 'n seker sin die diskrepansie kom uitwys in die antwoorde van die jong tieners tot dusver. Tot hier het die antwoorde in die geheel gesien, niks te buitengewoons uitgelig nie. Maar wanneer die jong tieners gevra is oor die lewe en God se betrokkenheid daarin, het die krake in die damwal begin wys: Op die vraag waarom hulle dink, gebeur slegte goed met mense, kan hulle antwoorde soos volg saamgevat word: **Omdat mense sonde doen en ongehoorsaam is aan**

**God.** Nege seuns en sewe dogters (80%!) het dit as antwoord gegee. Hierin flikker die gevaarligte rooi. Hierdie jong tieners werk met 'n baie sterk oorsaak en gevolg skema, waarvan hulle haas deel gaan word! Die vraag is: Wat gaan met die kind se geloofsoortuigings en godservaring gebeur as iets slegs met hom/haar moet gebeur? "Straf die Here my nou omdat ek iets verkeerds gedoen het? Glo ek dalk nie reg nie?" – kan van die worstelvrae wees wat die jong tiener op 'n dwaalspoor kan bring. Die jong tiener se hele verstaan van God kan totaal aan flarde geskeur word sodra dinge skeef loop. Dieselfde denkpatroon word in die volgende vraag gevolg as daar gevra word waarom goeie goed met mense gebeur. Hier is die antwoord weer heel duidelik: **"Want hulle glo in God; Want hulle is gehoorsaam"**. Hierdie oorsaak en gevolg skema sal dringend aandag moet kry en besweer word indien die kerk die middelskoolkind 'n vaste geloof wil gee en begelei tot 'n gesonde Bybelse godservaring. Volgens Duffy Robbins (1990:25) is hierdie soort geloof van jong tieners "childish" omdat hulle vashou aan maklike eenvoudige antwoorde in plaas van "child-like" geloof wat aan die Hemelse Vader vashou, selfs as daar nie antwoorde is nie. Hy sê verder dit moet die doel van die jeugpastor/werker wees om jong tieners te begelei om te verstaan dat alhoewel God goed is, dit nie 'n outomatiese beskerming bied teen die stukkende wêreld nie, maar dat Hy wel leiding, krag en wysheid gee om die regte keuses te maak.

- Een antwoord op hierdie vraag het so pragtig oorgekom!: Goeie goed gebeur met mense omdat: "Ek dink dis omdat God wil dankie sê vir alles wat ons reg doen". Ongeag of dit nou teologies verantwoordbaar is of nie – Wat 'n pragtig kinderlik-innoverende antwoord is dit nie!
- Wat tog interessant is, is dat nie een kind God as die inisieerder sien van alles wat sleg is nie. En tog oor 'n jaar of twee sal baie van hierdie jong tieners God se bedoeling bevraagteken en luidkeels verklaar dat dit God se skuld is as iets nie loop soos hulle dit wou gehad het nie. Hierdie afleiding is nie ongegrond nie, maar is deel van die praktyk wat deur die bediening uitgewys word!

- Die wederkoms is vir al twintig jong tieners 'n realiteit wat nie regtig vir hulle 'n probleem is nie. Die wederkomsverwagting gaan nie gepaard met vrees of onsekerheid nie. Dat Jesus weer sal kom is vir hulle gewis en seker.

## 4.4. EVALUERING:

Die holistese evaluering van die jong tieners se antwoorde is nie die eenvoudigste saak op aarde nie. Dit sal oneerlik wees om te sê die empiriese navorsing het die antwoorde gegee waarvoor gehoop is – nl dat hierdie kinders groot krisisse het met God en hul ervaring van Hom. Alhoewel daar tog 'n paar pylers uitgehaal kan word, wat kan help in die bediening van die kind, is daar geen uitstaande faktore nie. Soos vroeër reeds genoem sou 'n vergelykende studie waar ouer tieners ook betrek is, waarskynlik meer duidelike antwoorde gegee het. Na aanleiding van die inleidende opmerkings aan die begin van hierdie studie is die aanvoeling dat die twaalf- en dertienjariges *net voor die skerp draai in die pad is* (vgl. p 1 van hierdie studie), en dat 'n mens nie veel wys word uit hulle vraelyste nie, behalwe dat die verhouding met God redelik stabiel is en dat daar met die eerste oogopslag maar geringe tekens is van wat moontlik later kan skeef loop. In sy geheel gesien het ons hier dus met normale jong tieners te make wat nog nie baie houe in die lewe weg het nie.

Die gevaarligte wat wel helderrooi flikker, word egter nie misken nie. Dat hierdie kinders 'n baie idealistiese godsbeeld het en baie beskermd groot word, ly geen twyfel nie. Hulle is ook steeds baie naïef en dit maak hulle weerloos teen die houe wat die lewe kan uitdeel. Praktiese ondervinding met ouer tiener groepe uit dieselfde gemeenskap het reeds hierdie vermoede bevestig dat die teleurstelling in God en die kerk 'n harde realiteit is. Hierdie idealistiese godsbeeld staan op die punt om verpletter te word deur die seer wat vir ons jong mense wag. En dis nie 'n geval of hulle seergemaak gaan word deur die lewe of nie, maar eerder 'n geval van wanneer hulle seerkry. 'n Paar van die kinders in hierdie studie het wel al een of twee sulke ervarings gehad en dit het ook duidelik in hulle vraelyste geblyk. Miskien lê van die grootste bekommernis in dit wat die jong tieners nie gesê het nie, nl. dat die jong tieners redeneer "Niks sal mos met my gebeur nie, want die

Here is mos aan my kant". En wanneer dit gebeur sê hierdie Mariental samelewing vir ons dan weet mense nie hoe om dit te hanteer nie. Daarom die baie probleme en ontvlugting by wyse van drankmisbruik en selfs ontrouheid. Wanneer hierdie jong tieners egter vyftien en sestien jaar oud word, dan is dit skielik of hul oë oopgaan vir die stukkende wêreld waarin hulle leef en sien hulle die gebrek aan morele waardes in die gemeenskap raak, selfs onder eie ouers(vgl jong tiener dogter se ma wat saam met haar vriend bly), en dit ontnugter hulle geweldig. Soveel so dat daar geen plek vir vaste strukture of vir 'n gesonde verhouding met mense en God is nie. Kinders in hierdie gemeenskap word al meer en meer blootgestel aan gebroke families en 'n pa en ma wat eerder ander mans en vrouens se geselskap sal opsoek as die van hul eie lewensmaat.

Om dan terug te te kom na die vraelyste – ofskoon die vraelyste nie al hierdie probleme aan die lig gebring het nie, kan mens nie die realiteit van wat aan die gebeur is weg redeneer of vergeet nie. Die vraelyste bied waardevolle inligting oor hierdie spesifieke ouderdomsgroep wat kan meehelp om 'n werkswinkel eerder aan die bokant van die krans te bou, as 'n hospitaal aan die onderkant, wanneer die lewe klaar skade aangerig het en die kerk nie haar geleenthede benut het nie. Op hierdie spesifieke ouderdom lyk dit tog asof alles nie verlore is nie. Inteendeel, dit wil lyk asof twaalf- en dertienjariges miskien juis die groep is waarop ons moet konsentreer. Met ander woorde, wanneer die abstrakte denke baie sterk begin funksioneer en alles bevraagteken word, en die jong tieners ontnugter word deur alles rondom hulle, moet daar reeds 'n stewige fondament gelê wees om hierdie houe beter te kan verwerk en steeds met 'n gesonde Bybelse godsbeeld daaruit te kom. Die kerk kan natuurlik nie haar tieners in 'n glaskas toesluit nie, maar kan help om die seer en ontnugtering te verlig.
Om hierdie jong tieners te kan begelei en te kan toerus, is dit nodig om aan die hand van die vraelyste, sekere pylers uit te haal waarmee ons in die volgende hoofstuk kan werk. Hierdie pylers moet ons help om bedieningstrategieë daar te stel om die jong tiener te begelei op die pad na geloofsvolwassenheid.

## 4.5 PYLERS:

Die volgende pylers sal in die hoofstuk wat volg, gedetaileerde aandag geniet:

1) Bybel – Die kerk sal beslis moet gaan kyk wat sê die Bybel oor God en riglyne moet neerlê oor hoe hierdie kennis kan bydrae tot 'n beter verstaan en ervaring van God.
2) Gesinstrukture – Hoe die familiestrukture kan bydrae tot die jong tiener se gesonde verstaan en ervaring van God. Die rol van pa en ma staan hier sentraal.
3) Kerk(as uitgebreide familie) – Die invloed van die kerk bly in baie kinders se lewe die enigste kenbron vir wie God is en daarom sal daar na die rol van die kerk in sy totaliteit gekyk moet word. Dit behels onder andere dat die kerk sal gaan kyk na die bydrae wat die erediens (kinderkerk/ gesinskerk); jeuggroep; jeugleiers; kampe; kategese ens. kan lewer.
4) Ander volwassenes – Die kerk sal moet gaan kyk hoe ander volwassenes en hoe oumas en oupas, kan bydra tot die ontwikkeling van 'n Bybelse godsbeeld en ervaring.
5) Skool – Die impak wat onderwysers kan hê op die kind se verstaan van God.
6) Vriende – Die rol van groepsdruk en die bydrae wat vriende kan lewer om 'n milieu te skep waarbinne God leer ken kan word.

Hierdie pylers kan in die bespreking daarvan moontlik uitgebou word om so 'n volledig as moontlike jeugbedieningstruktuur daar te stel waarbinne die kind bedien kan word. Die volgende hoofstuk sal dus gaan kyk na hoe 'n jeugbedieningspraktyk kan lyk aan die hand van die godservaring van die middelskoolkind.

# HOOFSTUK 5:

# AANBEVELINGS VIR 'N JEUGBEDIENINGSPRAKTYK

## 5.1 INLEIDING

Hoe wonderlik sou dit nie gewees het as daar 'n resep was vir die bediening van kinders nie, en dat alles regkom sodra daardie resep nagevolg word! Dan was die wêreld 'n heerlike plek om in te bly, 'n utopia waarin die jong mense presies weet hoe om wat te doen.

Maar helaas....So eenvoudig is die lewe en jeugbediening beslis nie! Dit sou naief wees om te dink dat hierdie studie poog om **die** antwoord te gee op vrae, wat miskien net ons Hemelse Vader kan antwoord. Maar dat die kerk en ander ondersteuningsisteme 'n lewensveranderende bydrae tot die geloofsgroei en godsverstaan van die kind kan hê, is baie beslis moontlik. Aan die hand van die pylers wat aan die einde van die vorige hoofstuk geïdentifiseer is, gaan daar nou gekyk word na riglyne of aanbevelings vir 'n jeugbedieningspraktyk. Die uitdaging gaan wees om riglyne te gee op die vraag: "Hoe kan hierdie pylers aangewend word om die jong tiener te help om God beter te verstaan en 'n gesonde godservaring te hê?" Om dit effektief te kan doen, moet daar ook rekening gehou word met wat geleerdes sê oor moderne godsdiensonderrig. Hierdie insigte wat daaruit verkry is, moet ingewerk word in 'n jeugbedieningstrategie. Nadat die pylers behandel is, sal gepoog word om algemene riglyne te gee oor wat gedoen kan word om jong tieners te begelei tot 'n gesonde Bybelse godservaring en godsbeeld. Hierdie hoofstuk se bedoeling is nie om "how to" antwoorde te gee nie, maar om eerder die leser aan die dink te sit oor wat gedoen kan word in die ontwikkeling van die jong tiener se godservaringe. Indien die bedoeling was om programgesentreerde antwoorde te gee sou dit 'n studie opsigself moes wees.

## 5.2 DIE BYBEL

Jong tieners kan geneig wees om die God van die Ou Testament te verstaan as 'n wrede, ongenaakbare God wat as paaiboelie probeer om sy gesag af te dwing op die volk Israel en ook op ons vandag. Tog wil dit lyk asof die Ou Testament 'n beter beskrywing gee van wie God regtig is, as wat die Nuwe Testament dit doen.
Die Ou Testament beskryf God as liefdevol, maar regverdig (Ex.34:7) – Hy spreek niemand sonder meer vry nie. God se toorn kom in talle tekste na vore, maar in nie een van hierdie tekste is dit 'n onredelike God wat toornig word nie – ongehoorsaamheid aan God is die grootste oorsaak van God se kwaadword vir sy volk. Ex. 15:7 sê dit baie duidelik: "U vernietig wie teen U opstaan, U laat u toorn woed..."

Terselfdertyd word 'n mens baie bewus van die Vader- (moeder!)beeld wat die Ou Testament van God skets. In Deuternomium 32:10 en 11 word pragtige beelde gebruik van God wat sy volk omhels en vertroetel en van die arend wat sy kuikens op sy vlerke dra. In Hosea alleen word ons pynlik bewus van die hart van God. Die huwelik van Hosea(hfst.1) en die gepaardgaande ontrou van Gomer word 'n spieëlbeeld van die volk se ontrouheid teenoor God. Die verrassing hier is dat God nie wraak sweer nie, maar dat die leser eerder die stukkende hart van God raaksien as die volk se ontrouheid.
In Hosea 11 kry die leser te doen met die volle krag van God se ontferming en liefde! Hier word die Vaderbeeld baie duidelik uitgedruk en sien ons hoe God liefdevol met Sy volk handel en doodeenvoudig aankondig dat Hy hulle nie kan prysgee nie. Die rede: **Sy liefde brand te sterk!**

In Jesaja 22:21 is dit duidelik dat God vir sy mense 'n Vader sal wees – nie 'n wrede man met 'n sweep nie, maar 'n Vader wat sy lewe sou aflê vir sy volk...Die passie waarmee God mense liefhet word nêrens beter beskryf as in Sagaria 1:14 nie: "...Ek is hartstogtelik begaan oor jou Jerusalem..."! Wie kan teen sulke liefde teenstand bied wanneer dit uit 'n opregte liefdevolle hart na 'n jongmens toe aankom? Watter jongmens kan nog koud staan teenoor God as hy/sy hoor: "Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou..."!?(Sefanja 3:17)

Die ou Testament teken God as die liefdevolle, nee passievolle Hemelse Vader wat regverdig optree teenoor sy kinders. Is daar iemand wat sal verskil oor die feit dat die Ou Testament met groot vrug gebruik kan word om kinders voor te stel aan die regverdige, almagtige, liefdevolle God en Vader?!

In die Nuwe Testament staan die liefde en genade van Christus voorop. Dit kan egter 'n bydraende faktor vir verkeerde Godsbeelde en ervaringe wees. As die kerk nie versigtig omgaan met hierdie teks nie, kan sy so maklik begin om vir jongmense snoesig warm toe te vou in 'n "Liewe Jesus" teologie. Dan skets die kerk vir hulle God as die een wat ons sondes onvoorwaardelik vergewe, wat ons soos 'n oupa liefhet en bederf. Jesus kan so maklik almal se "pel" wees en sodoende gereduseer word tot 'n gewone mens wat iets moois op aarde kom doen het. En dit is nie die boodskap van die Nuwe Testament nie. God spreek nie onvoorwaardelik vry nie. Hy vra opregte berou en omkeer van die verkeerde pad (1Joh.1:9). God bederf nie. Hy vra geloof, vertroue en gehoorsaamheid (Joh. 8:11). God vra dat ons Sy Naam sal bely en as dit nie gebeur nie, sal Hy ons verloën.... (Luk.12:8-9). Nêrens sê God ons kan maar die pad agter Hom aanloop soos ons wil en met die toewyding wat ons bereid is om mee te loop nie. Nee die eise van dissipelskap is kwaai en die koste moet baie mooi bereken word... (Luk. 14:25-35). Maar dat God red en as Vader (Luk 15:11-32) sy kinders vryspreek én terugneem, is die wonderlike boodskap van die Evangelie! Meer nog, dit is die wonderlike boodskap van 'n God wat sy kinders liefhet en vir hulle sorg.

Die gebruik van die Bybel in die oordra van 'n gesonde godservaring na die jong tiener, staan sentraal. Die Bybel in sy totaliteit sal op eenvoudige wyse deel moet word van die kind se bestaan soos wat slaap, speel en eet deel is van hulle lewe. Dit is nie nodig om vir die jong tiener te leer: God is "alomteenwoordig" nie, maar ek kan hom/haar leer dat God "oral" is. Wie ook al die middelskoolkind bedien, mag nie sonder die Bybel as kenbron optree nie. Met kreatiwiteit kan jeugwerkers, ouers ens. die Bybel vir jong tieners so oopsluit dat hulle verlief word op God en nie 'n dag sonder Hom wil spandeer nie. Miskien is die Bybel nie altyd so toeganklik vir die jong tiener nie, en miskien is die onderwyser nie altyd so begaafd om die Bybel in kindertaal oor te dra nie, maar almal het

geleer om die Bybel te LEEF, en dit is belangriker as die verstaan van teologiese konsepte! Daar sal gewaak moet word teen die klaskamer-georiënteerde Bybelonderrig oor God. Teorie en praktyk sal mekaar ook op die gebied moet aanvul ten einde godservaring by die jong tiener te stimuleer.

## 5.3 GESINSTRUKTURE

Die kerk sit op 'n goudmyn en hy weet dit nie (De Vries 1994:85)! Die familie is en bly steeds die primêre bron waaruit die jong tiener sy godsdienstige ervarings put. Tamminen (Ratcliff 1992:63) voel hieroor baie sterk: "Descriptions of God as being close, real, caring, and forgiving are related to a close, positive relationship with parents". Ratcliff (1992:123) wys dan ook daarop dat vanaf die vroegste kinderjare tot die middelskooljare, families die meeste invloed het op kinders oor hoe hulle in die gemeenskap sal aanpas en die waardes en optrede wat hulle sal aanleer. Doug Fields (1998:251) wys daarop dat bediening aan die jong tiener sonder die betrokkenheid van die ouers nie meer die mees effektiefste is nie. Ouers het 'n integrale deel geword van jeugbediening. Sell (1995:77) dui aan dat die familie 'n instelling van God is en dat godsdienstige onderrig primêr die funksie van die ouers is (vgl. Deut 6:7). Hoe hierdie onderrig moet plaasvind het ouers in die verlede baie eensydig verstaan. Hulle het geglo as hulle met hul kinders oor God gepraat het, was hulle verantwoordelikheid afgehandel. Rice (1997:173) haal vir Mark De Vries aan wat sê: "Parents play a role second only to that of the Holy Spirit in building the spiritual foundation of their children's lives". Die vraag is nou hoe kan ons ouers help? Waar kan ouers begin om hulle kinders 'n gesonde godservaring te gee?

- Heel eerste sal ouers die verantwoordelikheid moet aanvaar vir die godsdienstige opvoeding van hul kinders (Richards1975:215). Dit is nie primêr die verantwoordelikheid van die kerk nie, en daarom sal ouers moet besef dat hulle 'n groot verantwoordelikheid het wat hulle nie sommer maar net op die kerk kan afstoot nie.
- Sell (1995:83) wys by implikasie daarop dat dit alreeds by die huwelik begin. Hoe pa en ma binne die huwelik met mekaar omgaan, kan 'n groot bydrae lewer om kinders

'n beter verstaan of wanindruk van God te gee. Daarom dat kinders uit gebroke huwelike somtyds sukkel om in 'n gesonde verhouding met God te staan. Om jong tieners te begelei tot 'n gesonde Bybelse godsbeeld en ervaring, moet die ouers se huwelik gesond wees. Die kerk sal dus baie meer aandag moet skenk aan mense se huwelike om sodoende 'n stewige fondament daar te stel. Sommer vroeg reeds sal dit vir mekaar gesê moet word: "Die jong tiener se bediening kan en mag nooit los staan van 'n holistiese bediening aan die hele gesin en al die ondersteuningsisteme nie." Eers wanneer dit gebeur, sal ons begin om die vrug in komende generasies te sien.

- Ouers se toewyding aan hulle kinders word deur Sell (1995:89) uitgelig as een van díe aspekte wat verbind word met God se trou en liefde vir mense. Die jong tiener gaan moeilik glo dat hy/sy vir God baie belangrik is en dat God met hulle 'n pad wil stap, as pa en ma nie bereid was om daardie ekstra myl te stap nie. Ouers se liefde mag nie voorwaardelik wees nie – "Julle moet mekaar liefhê soos ek julle liefhet" – Joh. 15:12. Dit beteken dat ouers op geen stadium hul liefde mag opskort nie. Natuurlik beteken dit nie dat dit wat in die jong tiener se lewe verkeerd is, ook liefgehê moet word nie. As sy/hy oortree het moet hulle die konsekwensies van hulle oortreding dra! Ook dit, het ons vroeër gesien, is liefde. Hierdie toewyding beteken ook dat ek my kind sal ondersteun en sal aanmoedig hoe en waar dit ook al mag nodig wees, selfs aan die anderkant van die wêreld!
- Dat vandag se ouers swaar kry in die opvoeding van hulle kinders is beslis so, en dit bring mee dat hulle ook hulp en ondersteuning nodig het. Rice (1997:183) praat van ouer-ondersteuningsgroepe, die hou van ouerskapseminare en die fasilitering van dialoog tussen ouer en jong tiener, as moontlike hulpmiddels vir ouers.
- Rice gaan verder deur te sê ouers moet in jeugbediening betrek word. Ofskoon nie alle tieners baie opgewonde sal wees as ma en pa hul jeuggroep bywoon nie, kan die betrokkenheid van ouers, die kind se godsbeeld net verder versterk omdat die kind sy/haar ouers se belangstelling kan interpreteer as God wat belang stel. Op 'n kamp het 'n meisie dit baie duidelik gestel: "As my ouers nie eers in my belangstel nie – hoe sal God dit doen?" De Vries sê dit moet 'n prioriteit wees van gemeentes om ouers te bemagtig om hulle kinders te begelei om die pad van geloofsgroei (1994:65).

Dit beteken dat ouers opgelei moet word om hulle kinders se geloof en godservaring te stimuleer. Baie ouers is doodeenvoudig net nie toegerus om hulle kinders te bedien nie (1994:91). En daarom moet hierdie opleiding ten doel hê, om ouers daardie stukkie gereedskap te gee waarmee hulle, hulle kinders effektief kan begelei. Die begeleiding het dan ook nie net ten doel om die tiener deur die storm en drang fase te lei nie, maar moet uiteindelik "volwasse Christen volwassenes tot gevolg hê" (De Vries 1994:73).

- Ratcliff (1992:125) gee ook 'n paar voorstelle aan ouers vir die godsdienstige opvoeding van hul kinders. Hy praat van 'n "family huddle" wat beteken die familie kom bymekaar amper in die vorm van 'n omgee groep. Hier deel hulle met mekaar die dag/week se gebeure, bemoedig mekaar, leer bymekaar en bestudeer God se Woord. Die byeenkoms word 'n plek waar strategieë gevorm word wat in die praktyk neerslag kan vind. Hy sê dit werk uitstekend om geloof te kontekstualiseer. 'n Tweede voorstel noem hy "checkup" – waar ouers die geleentheid gebruik om op 'n een tot een basis met hul jong tieners in gesprek te tree oor die kind se ervaring van sy/haar ouers, die lewe en sommer net alles wat pla. Dit is baie belangrik dat die ouer mooi na sy kind sal luister. Hierdie geleentheid kan goed gebruik word om ook met die kind oor God te praat. So 'n geleentheid kan natuurlik baie bedreigend wees vir ouer en kind, en daarom kan die spanning so 'n bietjie verlig word deur so gesprek in 'n motor oppad iewers heen te hê. Ouer en jong tiener kan dalk gaan stap en die dinge bespreek, of vir die meer sportiewe generasies is daar geen beter geselsplek as die gholfbaan nie!

Ratcliff se laaste voorstel is baie relevant. Hy sê, laat die kind leer deur jou lewenstyl – daar waar jy werk, speel, godsdiens beoefen, kuier ens. In die alledaagse leer die kind deur jou voorbeeld. Natuurlik is dit die moeilikste vir ouers! Maar as hulle in hul kinders 'n vaste geloof en gesonde godservaringe wil vestig sal hulle lippetaal moet oorgaan in dade. De Vries noem ook iets wat baie belangrik is, en dit is die daarstelling van ouerskapvoorbereiding. De Vries noem dit 'n "preparing for parenting seminar" (1994:98). Hoeveel ouers sal nie kan baat by sulke seminare nie!

- Steve Dickie (Dickie en Pearson 1993:91) wys op die belangrikheid van relasionele kampe. So byvoorbeeld kan gesinskampe gehou word waarby die hele gesin betrek en bedien word. Vader en seun- of moeder en dogter- kampe kan ook baie effektief gebruik word. Die feit dat dat 'n mens die normale vir 'n naweek verruil vir iets anders kan vir die verhoudinge in 'n gesin wondere beteken.
- Binne spesifieke kontekste, soos bv. die Mariental konteks, sal daar baie hard gewerk moet word aan die familiesisteme. Waar beide ouers werk, sal ouers ekstra moet insit om die verhouding met hulle kinders stewig te hou en leiding te gee op die verskillende lewensterreine. Ouers sal moet waak om nie oordrewe outoriteit te verwar met goeie ouerskap nie. Dit is onseker of pa's regtig almal leeus wil wees. Pa's sal ook graag vergelyk wil word met 'n dier wat sagter eienskappe besit. Ouers sal verder moet oppas om nie net prestasiebehep te wees nie. Jong tieners kan so maklik verval in 'n prestasiebehepte godsdiens waar God omgekoop kan word met goeie dade, of waar die kind kan begin glo dat hy/sy is ook net vir God belangrik wanneer hy/sy goed presteer. Ouers sal veel meer aandag moet skenk aan die behoeftes van kinders – hoor, sien en raak julle kinders aan! Ouers sal ook meer leiding moet gee op die gebied van moraliteit. Op die oomblik is die morele verval in Mariental groot, en jong tieners beleef hierdie verval in eie ouerhuise. Die ontnugtering hieroor kan kinders wegdryf van hulle ouers en die kerk. Daarom word ouers en die kerk se rol om leiding te neem in moreel-etiese kwessies, al hoe groter.
- In 'n gemeenskap soos Mariental sal baie sterk gesteun moet word op die plek wat oumas en oupas inneem in die jong tiener se lewe. In baie gevalle bly ouma en oupa plaaslik of binne 'n dag se ry van Mariental af. Hierdie grootouers kan 'n belangrike bydrae lewer tot die godsverstaan en- ervaring van die jong tiener.

Uit dit alles is dit duidelik dat die familie baie potensiaal het om 'n jong tiener op weg te sit na 'n gesonde Bybelse ervaring van God. Die kerk kan dus nie anders nie as om na 'n familiegebasseerde jeugbediening te beweeg waar die hele familie betrek word in die bediening van die jong tiener. Dit sal egter nie oornag gebeur nie, maar met harde werk, toewyding en geloofsgehoorsaamheid kan ouers hul jong tieners se lewe egter wonderlik beïnvloed. Om die familie egter tot sy volle potensiaal te benut sal die rol van die kerk

ook belig moet word. Die kerk is as't ware die verlengstuk van die familie en die twee is nie heeltemal los te maak van mekaar nie.

## 5.4 KERK

Die rol wat die kerk as uitgebreide familie speel in die godsdienstige opvoeding van die kind is enorm. Ongelukkig was dit vir baie lank beperk tot die kognitiewe. "We keep the living faith in a living Christ in the heads of our young people" (Kitching 1997:7). Kitching wys saam met 'n hele aantal ander skrywers op die noodsaaklikheid van ervaringsleer. Voor daar verder oor die kerk gepraat word moet ons hierdie punt baie duidelik tuisbring: As die NG kerk werklik jong tieners wil sien wat God ken en hom ervaar as die liefdevolle Vader, sal sy haar onderrig strategieë radikaal moet wysig, en baie meer moet konsentreer op ervaringsgerigte onderrig.

- Kategese

In die verlede is kategese grootendeels gefokus op kognitiewe inhoud, wat ten doel gehad het om kinders meer van God en die kerk te leer, en meer onlangs selfs, meer van die lewe! Maar in hierdie studie het dit ook baie duidelik geblyk dat God nie alleen so geleer en ervaar kan word nie. Dit het tyd geword dat kurrikulums korter gemaak word vir 'n jaar en tyd ingeruim word vir die ervaring van dit wat hulle moes leer. So byvoorbeeld sou een les oor twee weke met twee bene aangebied kon word. Gestel die skepping word hierdie week in die klas behandel, dan kan volgende week 'n uitstappie, of iets soortgelyks, na die natuur behels. So hoor die kind en ervaar die kind God in sy skepping op 'n natuurlike wyse. Net so kan God se liefde eerder tasbaar beleef word deur die kinders na 'n hospitaal te vat en hulle God se liefde te laat ervaar deur self mense te bedien of hulle net 'n kaartjie in die hand te gee. Ons moet wegbeweeg van kategese as 'n eensydige verstandelike ding en dan sal ons die gevolge sien en God daarvoor kan eer!

- Jeuggroep

Weereens kan die jeuggroep nie losgemaak word van die verband met die familie nie. Mark Senter III sê dat die jeuggroep die laboratorium is vir die jong tiener, waar sy/hy

die geestelike waardes wat hulle in die ouerhuis leer, kan toets en evalueer(Senter en Dunn 1997:131).

Jeuggroepe was tradisioneel baie sterk programgesentreerd, maar Rice maak dit duidelik dat as die kerk vandag se jong mense wil bedien, sal hier heeltemal nuut gedink moet word. Hy sê: "The key is people, not programs" (1997: 103). Die kerk sal beslis binne die jeuggroep baie meer relasioneel moet optree as sy wil hê jong tieners moet 'n gesonde vaste verhouding met God ontwikkel. 'n Kollega sê altyd "If you entertain them to get them there, you will have to entertain them to keep them there". As dit so is, kan kinders baie gou belangstelling verloor. Kinders moet geleer word dat geloofsbeoefening nie iets is wat aan my gedoen word en wat altyd met vuurwerke gepaard gaan nie, maar dat dit eerder oor die verhoudings gaan wat ek ontwikkel binne my jeuggroep en met God. Ongelukkig is vandag se jong tieners hopeloos vasgevang in 'n verbruikersmentaliteit, en dit bring mee dat daar geen vaste toewyding is nie. Quentin J Schultze waarsku in sy hoofstuk oor populêre jeugkultuur (in Dunn en Senter 1997:450) dat die verbruikersmentaliteit wat by kinders voorkom 'n jeuggroep kan kelder. Die uitgangspunt is dan dat godsdiensonderrig verbruik word in plaas daarvan dat jong tieners begelei word om te produseer (1997:450).

As die uitgangspunt is dat die jeuggroepe relasioneel moet wees, dan beteken dit nie programme is geheel en al van die baan nie, maar rig jou programme so in dat die jong tiener voel hy/sy is die een wat belangrik is. Een baie belangrike beginsel wat by Doug Fields (1998:43-79) oorgeneem kan word, is doelgerigtheid. Beplan jou jeuggroep rondom die spesifieke doel wat jy met die kinders wil bereik. Kyk na lang- en korttermyn doelwitte en beplan jou jeuggroep daarvolgens.

Rice (1997:162-163) sê ook dat die jeuggroep die plek moet wees vir leerervaring en deelneming - "Junior highers learn best experientially". Hy is selfs van mening dat vir party jong tieners kan dit die enigste manier wees van leer. Binne die diverse samelewing van Afrika sal ons iets moet verstaan van hierdie soort van leer. In Afrika was kognitiewe leer in die geskiedenis nie belangrik nie. Die mense het geleer deur ervaring, deur te

doen, en iets daarvan sal weer sentraal moet begin staan indien ons, ons jong mense die ware God wil laat leer ken...

As die jeuggroep tot sy volle potensiaal ontwikkel en gebruik kan word, kan dit vir die jong tiener in sy/haar godservaring baie beteken. Die rol van die jeugwerker of groepleier sal egter ook baie mooi in fokus geplaas moet word.

- Jeugleier/jeugpastor/groepleier

Die jeugleier se rol en invloed op die jong tiener sal nooit onderskat kan word nie. Vir baie jong tieners kan dit die enigste volwassene wees, met wie hulle 'n verhouding het en wat hulle aan die liefdevolle Vader kan voorstel. Oor jeugwerkers binne die hedendaagse samelewing sal die kerk nie enige illusies moet hê nie. Die tyd is verby waar enige een wat "wil" maar die gemeente se jeugwerker word. Die tyd is ook verby dat die enigste voorwaarde vir jeugwerkers moet wees dat jy "die Here moet liefhê". Dit het wel tyd geword dat jeugbediening 'n gespesialiseerde bediening word, wat gedoen word met vrywillige opgeleide manne en vroue wat geroep en toegewyd is vir en in hierdie werk (Dunn en Senter 1997:239-260). Doug Fields (1998:271) maak 'n baie veelseggende opmerking as hy sê daar moet leiers gesoek word wat die jong tiener verdien. Dit beteken dit is nie net goed genoeg om iemand aan te stel wat kan "uithelp" nie, maar tieners verdien net die beste!

Daarom is daar 'n paar baie belangrike beginsels waaraan die kerk sal moet aandag gee indien sy jeugwerkers wil ontwikkel wat die jong tiener oppad kan sit:
# Natuurlik bly die jeugwerker se persoonlike spiritualiteit ononderhandelbaar. Daar is geen manier waarop 'n werker kinders sal begelei tot 'n gesonde godservaring as die werker self nie in 'n vaste verhouding met Jesus Christus staan nie.
# Die eerste en belangrikste is dat die jeugwerker 'n verhoudingsmens moet wees. Die werker kan hoe lief wees vir kinders maar as verhoudings nie vir hom/haar belangrik is nie, kan dit eindelose frustrasies en seer veroorsaak.
# Die jeugwerker moet lief wees vir die tieners waarmee hy/sy werk.

# Daar moet tyd spandeer word in die wêreld van die jong tiener, om die jong tiener en sy wêreld beter te verstaan. Dit bring mee dat die werker beskikbaar sal wees om met die tieners 'n pad te stap.

# Die werker moet absoluut toegewyd wees in haar/sy bediening van die jong tiener. Ken Garlend sê jeugbediening is: "A career, not a steppingstone" (Dunn en Senter 1997:250). Sodra dit die vertrekpunt van jeugwerkers word, gaan daar meer vaste verhoudings tussen tieners en jeugwerkers wees, en gevolglik beter en groter geestelike groei onder die tieners.

# 'n Jeugwerkers moet besef hulle het nooit gearriveer nie. Hulle is lewenslange leerlinge, wat hulle eie behoeftes en tekortkominge goed ken.

# Die jeugwerker moet ook weet hy/sy is nie baas en die kinders klaas nie – 'n effektiewe jeugwerker moet bereid wees om te dien en die behoeftes van die jong tiener eerste te stel.

# Kommunikasievaardighede is uiters belangrik.

# 'n Goeie humorsin en geduld kan jou handig te pas kom!

# Die jeugwerker moet ook kan dissipline toepas. Dobson(Ratcliff 1992:150) wys op die belangrikheid van dissipline: "...a balance in the proper combination of love and discipline. Within this context, children may develop a concept of God as one who balances love and justice."

# Die jeugwerker moet ook baie duidelike doelwitte hê vir die pad wat hy/sy met die tieners loop.

# 'n Belangrike aspek van die jeugpastor is dat hy/sy nie die werk alleen moet probeer doen nie. Les Christie(1992:13,16) wys daarop dat daar geen plek vir "one-man bands" of "lone rangers" in jeugbediening is nie. As die kerk kinders effektief wil bedien sal van vrywilligers gebruik gemaak moet word, anders gaan sy soos in 'n roeiboot stroomop, haar dood roei, maar nêrens kom nie.

- Kampe

Om een of ander rede is kampe onder baie gemeentes nie meer so gewild nie. Of dit te veel moeite is om te reël, en of hulle die kritiek deel dat kampe te veel van 'n "eiland geloof" skep, is onbekend. Tog kan kampe baie effektief bydra tot 'n gesonde godsbeeld

en geloofsvolwassenheid by jong tieners. Verskillende soorte kampe kan verskillende uitwerkings hê op die jong tiener:

1. Avontuurkampe kan byvoorbeeld bydra tot die beter verstaan van 'n God wat sorg en beskerm. Twee jaar gelede het ons met die kinders gaan stap en verdwaal. Wat 'n lekker twaalf kilometer stap moes wees het ontaard in 'n dertig kilometer nagmerrie tot diep in die nag. Voetseer, kwaad, honger, dors en huilerig moes die tieners noodgedwonge kamp opslaan. Na die ergste het ons gaan sit en gesels oor die slegte ervaring – en almal was dit eens: "Ons dien 'n groot God!" Die ervarings wat jongmense op kampe opdoen, kan nie met geld gekoop word nie. En as die regte begeleiding hierdie ervarings vergesel, kan dit, terug in die werklikheid, met groot sukses aangewend word.
2. "Retreats", waar jong mense baie tyd op hul eie spandeer met God, sy Woord en hulleself, kan bydrae tot die uiteindelike beter verstaan van God en hulle self.
3. Dienskampe is 'n kragtige middel om jong tieners iets van God se hart vir mense te laat ervaar. Uit eie ervaring as jong tiener kan ek onthou hoe diensaksies my laat groei het in die geloof. Pearson (Dickie en Pearson1993: 115) wys op die effek wat uitreike op kinders kan hê: "...they need the personal experience to better understand their faith...they are given a glimpse of God's role for them in their world". Wanneer jong mense sien hoe die Here hulle gebruik om ander mense te bedien, gebeur daar iets. Die jong mens besef sy/hy is ook belangrik vir God en dat daar spesifieke take net vir hulle bedoel is. Die belangrikste is egter dat die jong tiener vir God in aksie sien en dit beweeg die tiener tot 'n sterker geloof en groter ervaring van God. Dan word Jan de Wet se lied waar wat sê "As Hy sy moue oprol is dit nie net spiere wys...ons God is 'n wonder God!"

- Erediens

Die monoloog karakter van die erediens is glad nie bevordelik vir die godservaring van die jong tiener nie. Vanuit die vraelyste het dit baie duidelik geblyk dat kinders die eredienste somtyds vervelig vind. Binne die NG kerk in elk geval, bly die erediens die hartklop van lidmate se godsdiensbeoefening, en dit word weer oorgedra op kinders. Of

die erediens dan die hartklop moet wees is debateerbaar, maar op die oomblik is dit so en daarom moet daar na die erediens gekyk word. Dit moet so ingerig word dat die dialoog karakter meer prominensie kry, en gevolglik meer van 'n ervaring kan wees. In die verband sal dit miskien baie raadsaam wees om te leer uit die insigte van Nelson in sy boek "How Faith Matures". Nelson is van mening dat geloofsvolwassenheid alleen deur godsdienstige ervaring kom (1989:11).

Hy gee dan ook 'n Bybelse model vir godsdientige ervaring, wat op die erediens toegepas kan word. Tog sou dit as model kon funksioneer vir bykans enige situasie waar die jong tiener God ontmoet. Nelson gebruik teofanië as modelle vir godsdienstige ervaring (1989:61). 'n Teofanie is wanneer God homself openbaar in 'n bepaalde situasie aan spesifieke mense met 'n spesifieke opdrag. Ervaring vind dan plaas binne hierdie raamwerk. Die erediens word die **situasie** waar God die **mens** ontmoet en Homself openbaar. Die liturg kan op kreatiewe wyse bydrae tot hierdie ervaring van die ontmoeting, deur byvoorbeeld die gebruik van musiek. Verder moet die mens (jong tiener) begelei word om te besef dat hy/sy nou in die teenwoordigheid van die heilige God is. Dit kan gebeur deur die kreatiewe gebruik van dialoog tussen God (Sy Woord) en die jong tiener. Die Psalms en die briewe van Paulus leen hulle tot so 'n dialoog. In die erediens gee God aan die mens 'n **spesifieke opdrag**, en die mens moet daardie opdrag gaan uitvoer. Nelson sê die toets of jou ervaring eg is, lê in die uitvoering van die opdragte (1989:114). Deur die gehoorsame uitvoering van God se opdragte, gaan die jong tiener iets beleef van God se hulp en krag. Die beginsel is dus soos volg: "Begelei die kind om God te ervaar, en dit sal hom/haar motiveer tot dienswerk, die dienswerk bring 'n groter ervaring van God mee, die groter ervaring van God bring meer gehoorsaamheid mee en dit weer meer toegwyde dienswerk! Die erediens is seer sekerlik een van die beste plekke om teofanië in jong mense se lewens te laat werk, omdat dit vir baie die enigste kontak is wat hulle in die week met God sal hê.

Alternatiewe jeugdienste vir jong tieners is opsigself, nie die antwoord nie, maar **gesinsdienste** waar bogenoemde funksioneer kan baie goed gebruik word vir die ervaring van die jong tiener en ouer! Die beginsel is dus duidelik dat die kerk op alle gebiede meer

ervaringsgerigte onderrig moet inwerk, en daar is legio maniere waarop dit wel kan gebeur, sonder om die gereformeerde aard van die NG kerk te ondermyn.

- Lofprysing en aanbidding("Worship")

Hierdie afdeling word apart hanteer omdat dit net te belangrik is om terloops te noem. Richards(1975:286) praat van "worship" as 'n verlore stukkie kuns binne die kerk. Die oortuiging is dat lofprysing en aanbidding nie net 'n verlore stukkie kuns is nie, maar 'n onvervangbare noodsaaklikheid vir godservaring. Deur aanbidding besef tieners met wie het hulle te doen en ervaar hulle Sy teenwoordigheid baie konkreet. Die heiligheid, grootheid, liefde ens. van God word dan nie maar net goed wat op papier staan nie, maar dit word beleef in die werklikheid!

Dit is dus duidelik dat die kerk 'n baie belangrike rol speel in die geestelike opbou en ervarings van die jong tiener. Duffy Robbins(1990:28) vat dit mooi saam: "Spiritual growth means a growing sense that one is a vital part of a christian community". Die kerk in al sy fasette kan 'n ongelooflike bydrae lewer tot die jong tiener se gesonde godservaring en godsbeeldontwikkeling.

## 5.5 ANDER VOLWASSENES

In die hedendaagse jeugbediening het woorde soos "rolmodelle, mentors" of die "belangrike ander volwassene" mode geword, en beslis nie sonder goeie rede nie! Die rol wat volwassenes speel in die geestelike ontwikkeling van die kind is vir baie jare onderskat – kinders moes gaan buite speel as volwassenes bymekaarkom. In hierdie studie is die teendeel egter baie duidelik uitgewys: "Jong tieners soek volwassenes met wie hulle kan identifiseer en wie hulle kan vertrou en wat hulle kan begelei op die pad na geloofsvolwassenheid." Westerhoff (1976:107) sê die doelwit is jong tieners wat verbind en toegewy is aan Jesus Christus – en om dit te kan doen, sê hy, is volwassenes nodig wat deur hulle lewe en woorde getuig van hulle geloof in Jesus Christus. Rice (1997:191) stel dit ook onomwonde in die woorde van Rick Little: "Every young person needs at least one adult who is irrationally committed to their well-being"!

Prakties kan dit gebeur deur een volwassene te verbind aan een jong tiener. Dit is dan daardie volwassene se roeping en taak om die "belangrike ander volwassene" in die jong tiener se lewe te wees. In die gemeente van Kalkrand is dit op klein skaal toegepas en die kinders geniet dit net so baie soos die volwassenes. Die oom of tannie stel opreg belang in die jong tiener se lewe, die hartseer en die vreugdes. Met verjaardae of eksamens word 'n kaartjie gestuur wat opreg uit die hart kom. Natuurlik is dit belangrik dat volwassenes wat hieraan deelneem, opreg lief is vir kinders en al stel die kind die volwassene teleur, dat die oom of tannie steeds by die kind sal staan. Die gebrek aan opregtheid en toegewyde rolmodelle, sê Robbin s(1990:127), kan daartoe lei dat kinders 'n verkeerde siening van God ontwikkel –"If we give up on them, they will transfer that same sense of rejection to God". Hierdie volwassene is die kind se rolmodel of mentor in elke lewensfasset, en daarom is roekelose toewyding die regte begrip om die verhouding tussen 'n volwassene wat hom/haarself verbind aan 'n jong tiener, te beskryf. Die belangrikheid van sulke verhoudings kan nie genoeg beklemtoon word nie. In my eie lewe het ek 'n onderwyseres as mentor gehad en haar rol in my lewe sal ek nooit kan oorskat nie. Deur die Here se genade het sy my begelei tot geloofsvolwassenheid – deur haar voorbeeld, haar toewyding, haar altyd daar wees vir my en haar verstaan as dinge rof gaan. En dit is die funksie van die mentor of rolmodel.

Verder moet volwassenes sensitief gemaak word vir die jong tieners om hulle. In die gemeenskap en gemeente van Kalkrand is kinders nooit in die verlede belangrik genoeg geag om met die hand gegroet te word nie, of nog erger om gegroet te word. My vrou is 'n baie klein mensie, en agter 'n toonbank kan sy maklik aangesien word vir 'n kind, en so het dit al gebeur dat almal gegroet word en sy oorgeslaan is – die verskoning na die tyd?: "Ag ekskuus, ek het gedink dis n kind"!!! Volwassenes sal moet leer dat as hulle kinders tot geloofsvolwassenheid wil begelei, hulle in die daaglikse handel en wandel die kinders moet erken as volwaardige mense voor God. Mark Senter (1997:123-126) is van mening dat jeugbediening eers begin as 'n volwassene die wêreld van die jong tiener betree, en ophou sodra hierdie verhouding tussen tiener en volwassene ophou om te bestaan. Hy gaan verder deur 'n hele hoofstuk te wy aan die rol van mentors en om riglyne te gee oor hoe mentors aangewend kan word(1997:635-650).

Die kerk sal 'n leidende rol moet speel in die ontwikkeling en ondersteuning van mentors. Hierdie volwassenes sal deur die kerk soos goud bewaar moet word, omdat hulle 'n reuse aandeel kan hê in die begeleiding van jong tieners tot geloofsvolwassenheid en 'n gesonde godservaring.

## 5.6 VRIENDE

"We know that one of the key influences in the faith formation of teenagers is peer pressure – that their faith is greatly affected by interpersonal relationships"(Robbins 1990:71). Die rol en impak van groepsdruk is in die verlede baie negatief geïnterpreteer. En miskien is dit baie meer keer waar as onwaar. Tog kan die realiteit van groepsdruk nie om enkele redes weggewens of selfs weggebid word nie. Groepsdruk kan ook positief aangewend word. Uit 'n paar van die respondente se vraelyste het dit ook duidelik geword dat vriende gehelp het om God beter te leer ken. Vir baie jong tieners is vriende die enigste lewenslyn wat daar dalk mag bestaan, en daarom is dit die kerk en ouers se verantwoordelikheid om jong tieners te begelei om die regte keuse ten opsigte van maats te maak en om hulle dan te motiveer om hard te werk aan hierdie verhoudinge. Robbins gaan selfs verder en praat van "pew pressure"(1990:75). Hier word kinders ingelyf in die regte manier van doen in die kerk en (hopelik!) in die regte ervarings met God. Hierdie gedagte is nie so vreemd as wat dit klink nie – gedurende my hoërskooljare het die ACSV die pad in die skool aangewys. Soveel so dat ACSV-aande, wat gereël is op skoolsokkie aande vir tieners wat nie dans nie, meer kinders getrek het as die sokkie in die skoolsaal! Positiewe groepsdruk het 'n baie groot rol gespeel in die alledaagse. Vriende is nie altyd vir lewenslank nie, maar kan tog baie effektief benut word in die bediening van kinders en veral kinders wat nie 'n sterk godsdienstige agtergrond het nie. Ouers kan hul jong tieners help deur die regte voorbeeld te stel in die kies van vriende en om saam met hul kinders te praat oor die keuse van goeie vriende. Ouers kan saam met hul jong tieners riglyne neerlê en besluit wat is goeie eienskappe wat vriende moet hê. Die kerk kan weer op 'n meer formele basis, iets soos vriendskapseminare op die tiener se vlak aanbied waarin jong tieners begelei kan word om die regte vriende te maak.

## 5.7 SKOOL - ROL VAN ONDERWYSERS

Een van die mees onderskatte ondersteuningsisteme is die van die skool en die rol van onderwysers. Natuurlik is Christelike skole nie meer vandag in Suid Afrika of in Namibië die norm nie, en dit maak dat daar op alternatiewe wyses van hierdie bron gebruik gemaak moet word. Kerke kan hier 'n enorme rol speel deur onderwysers van raad en die nodige vaardighede te bedien om jong tieners aan God voor te stel. Dit kan gebeur in samewerking met byvoorbeeld "Focus on the family" se materiaal wat ook 'n maandblad net vir onderwysers insluit. Verder kan kerke deur die aanbieding van werkswinkels, onderwysers toerus vir hul taak. Kerke kan 'n forum saam met skole stig om te help in die onderrig en opvoeding van die kind op godsdienstige, sowel as maatskaplike vlak. In Mariental byvoorbeeld het die jeugleraar vrye toegang tot die skool en word daar ook geleentheid geskep vir leerlinge om met die leraar te gesels oor enige iets wat die jong tiener op die hart het. Skole maak beslis deel uit van die kerk se bediening aan die kind en daar moet mooi gekyk word na die verhouding tussen kerk en skool om sodoende die kommunikasie lyne oop te hou.

Soos aangedui in die paragraaf oor die rol van ander volwassenes het 'n onderwyseres vir my ontsettend baie beteken. Ons het steeds kontak en sy is steeds besig om jong tieners se lewens te beïnvloed en verander. Onderwysers spandeer effektief op 'n dag waarskynlik meer tyd saam met kinders as ouers en sal daarom selfs baie keer 'n groter invloed kan uitoefen as ouers.

## 5.8 ALGEMENE RIGLYNE VIR DIE BEDIENING VAN DIE MIDDELSKOOLKIND:

- Ek onthou ons ACSV op hoërskool, meer as die helfte van die leerlinge het daaraan behoort. Ons het mekaar gedra en ondersteun en vir mekaar gebid. Ons geloofsfondament was stewig...tot na skool, en dan hoor jy hoe baie vriende het die pad byster geraak. Die rede? Miskien gee Duffy Robbins (1990:69) die antwoord: "Jong tieners moenie 'n hoorsê geloof hê nie, maar moet 'n eerstehandse geloof

ontwikkel waarvoor hulleself eienaarskap aanvaar". Jong tieners se geloof is so dikwels baie naïef, omdat dit nie hulle eie geloof is nie, maar dit wat hulle hoor of by ander sien. Ons sal jong tieners moet begelei om 'n eie geloof te ontwikkel wat realisties en Bybels verantwoordbaar is. Johannes 4:42 moet 'n werklikheid word in die jong tiener se lewe: "Ons glo nie meer op grond van wat jy vertel het nie, want ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is". Solank as wat tieners hul pa, ma, dominee of miskien die jeuggroep se geloof het, sal daar nooit volwassenheid in die geloof bereik word nie.

Hoe kan ouers en die kerk meewerk dat jong tieners hulle eie geloof ontwikkel? Deur die tieners toe te laat om hulle eie geloofsreis te ondergaan. Die beste en effektiefste wyse is deur uitreike en evangeliese diensaksies. Nêrens leer kinders vinniger om verantwoordelikheid vir hulle eie geloof te aanvaar as waneer hulle met die nood van die wêreld gekonfronteer word nie. Ek glo met my hele hart dat ouers baie keer skuldig is aan tieners se verkeerde godsbegrippe omdat hulle die tiener te veel beskerm. Ons sal ons tieners moet vrylaat sodat hulle ook in hulle geloof op hul eie twee bene kan staan, en God leer ken binne die harde werklikheid van hierdie wêreld. Dit beteken nie ons mag nie leiding gee en ondersteun nie, maar dan op so 'n wyse dat die jong tieners steeds 'n eerstehandse geloof ontwikkel.

- Waarom is daar gekonsentreer op die godservaring van die jong tiener in hierdie studie - die einddoel is tog immers om volwasse geestelike volwassenes te ontwikkel? Juis hierin lê 'n belangrike beginsel opgesluit: Rick Warren (Purpose Driven Church-1995) en Doug Fields (Purpose Driven Youth Ministry-1998), albei verbonde aan Saddleback Community Church in Suid Kalifornië, Amerika, wys daarop dat geen kerk kan funksioneer sonder 'n baie duidelike doelwitformulering nie. En daarom sal daar ook geen sin aan wees om die jong tiener se godservaring te bestudeer en te gebruik om hom/haar te bedien, as dit nie met 'n spesifieke doel voor oë is nie. En die doel is duidelik: ons wil jong tieners keer om nie by die afgrond van die lewe af te jaag en op die einde God daarvoor te blameer nie. Jong tieners moet begelei word om geestelik volwasse volwassenes te word, wat met behulp van 'n gesonde godservaring

die skerp draai op die lewenspad met sekerheid kan hanteer. Iets wat baie kan help in die verband is die "Ministry planning arrow" wat Terrey Hersey in sy boek "Young Adult Ministry"(1986:91) bespreek. Hierin kan jy jou doelstellings, planne en programme volgens jou spesifieke ouderdomsgroep uitwerk en implementeer.

- Musiek, drama en mimiek is kragtige middels wat, indien reg gebruik word, jong tieners pragtige, langdurige ervarings van God kan gee. In 'n erediens kan musiek baie bydrae tot die atmosfeer en belewing van God se teenwoordigheid. So byvoorbeeld kan die "Halleluja-koor" van Händel, vir jong tieners baie beteken!

- Die samewerking met, en rol van parakerklike organisasies is goud werd. Vir baie jong tieners kleef daar 'n stigma aan die woord kerk en dit wat daarmee saamgaan. Parakerklike organisasies kan egter help om hierdie vooroordele te deurbreek en bydra tot die gesonde ontwikkeling van die jong tiener se godsbeeld.

- Ook die plek en funksie van sport en ontspanning in die geestelike ontwikkeling van die jong tiener is baie belangrik. Dit kan juis deur deelname aan sport en ontspanning wees wat die kind vir God beleef. As ons God beperk net tot die kerk of die ouerhuis kan jongmense die idee kry God is net vir ernstige dinge. Dit is net belangrik om waaksaam te wees in die hantering van sulke pret. Baie jong tieners is nie sportief of lief vir ligsinnige pret nie en daarom moet dit aangewend word volgens behoefte en vermoëns.

- In Namibië en in Suid Afrika is die apartheidsgogga miskien dood, maar sy kieme rig nog baie skade aan. In die veelrassige samelewings waarin ons woon en werk, sal die kerk met groot senistiwiteit met ander bevolkingsgroepe se jong tieners moet omgaan. Negatiewe gevoelens en optredes kan veroorsaak dat hulle so maklik die verkeerde siening van God kry. Dit is dus belangrik dat liefde, aanvaarding en Bybelse versoening ons optrede kenmerk, om sodoende die pad skoon te maak vir die ontwikkeling van gesonde godservarings. Dieselfde geld vir 'n gebrek aan vergifnis, liefdeloosheid en vesoening van ander bevolkingsgroepe se kant af. Nie lank terug nie

het 'n matriekseun my gevra, waarom vergifnis so moeilik is, en toe in dieselfde asem: "Is vergifnis by God net so moeilik?" Hoe ons teenoor mekaar optree, ook as volwassenes, kan 'n bepalende invloed op die jong tiener se godsbeeld en -ervaringe hê.

- Dat die kerk die jong tiener holisties moet bedien, is nie te betwyfel nie. Al die sintuie, sowel as konatiewe, kognitiewe en emotiewe kante van menswees moet betrek word. Een van die belangrikste redes hiervoor is die feit dat geloof nooit iets is wat alleen om die aanleer van bepaalde feite gaan nie, maar gestalte kry in 'n bepaalde vorm van gedrag. Daarom is dit so belangrik dat die passiewe leerproses wat vir so lank die alfa en die omega was, aangevul sal word deur aktiewe handelinge (Seymour en Miller 1982:90). Moore (1983:47) sê om dié rede dat daar nie spanning tussen ervaring en tradisie moet wees nie, omdat beide in polêre spanning met mekaar staan. Ervaring en tradisie het mekaar nodig!

- Geloofsontwikkeling moet 'n sosiale en interaktiewe ervaring wees. Hierin moet die hele gemeenskap meedoen en beide die onderwyser en leerling moet deelnemers wees(Moore1983:52-54). Geloofsontwikkeling mag dus nie net binne die klaskamersituasie plaasvind nie, maar veral binne die breër verband van die geloofsgemeenskap.

- Die funksie van rituele en simbole kan kragtig gebruik word in ervaring en beter verstaan van God. Die jong tiener sal miskien nie atyd die simbool of ritueel verstaan binne die konteks nie, maar met volwasse leiding kan dit hom/haar se geloofsbeoefening 'n ervaring maak! So byvoorbeeld kan die kerklike jaar of ander besondere geleenthede gebruik word om die jong tiener se ervaring te stimuleer. Die gebruik van kerse, die kruis of selfs die leë graf kan wonderlike atmosfeer skep, en die jong tiener iets laat beleef van die ware God se werking in hul lewe. Met die goedkeuring van kindernagmaal binne die NG Kerk kan die nagmaal op 'n baie besondere manier met simbole en rituele gevier word.

- Die gebruikmaking van stories kan veral op die vlak van jong tieners vir herlewing sorg. As jong tiener kan ek onthou dat dit nie die dominee se preke was wat my getref het nie, maar sy ware stories van mense waarmee die Here 'n pad gestap het. Stories kan jong tieners motiveer, uitdaag en oproep tot aksie. Hierdie soort van ervarings kan nie met geld gekoop word nie! Natuurlik moet die stories nie geïsoleer word van die boodskap nie. Die storie se boodskap moet die jong tiener beweeg.

## 5.9 GEVOLGTREKKING

Uit al bogenoemde riglyne het dit duidelik geword hoe belangrik dit is dat daar 'n holistiestiese bediening van die middelskoolkind moet plaasvind, en dan nie net op die kognitiewe vlak nie, maar ook wat die emosionele(ervaring) betref. Hierdie studie het ten doel gehad om die jong tiener se godservaring te ondersoek, te evalueer en riglyne te gee oor hoe 'n mens hom/haar dan kan bedien. Die laaste woord hieroor is beslis nie gespreek nie. Hierdie onderwerp leen hom tot 'n wye verskeidenheid onderafdelings wat in verdere studies ondersoek moet word. Maar dit is tog immers wat navorsing behels!

Jong tieners het soveel dinge wat hulle lewe beïnvloed, van persoonlike ontwikkeling, ondersteuningsisteme tot postmodernisme. En tog is die jong tiener tussen die ouderdom van twaalf en dertien nie sondermeer oorgelewer nie. Met hulp, liefde en toewyding kan hulle begelei word om díe fondament te gooi, nl. Jesus Christus die seun van God. Dit, saam met die regte godsbeeld en ervaringe van God, kan die jong tiener op die pad van geloofsvolwassenheid plaas. Dis nie 'n doringlose pad of 'n pad sonder struikelblokke nie, maar dis 'n pad wat die jong tiener kan loop tot die dood, sonder om God vir alles in hulle lewe te blameer. Hierdie pad is nie maar net 'n "orphaning structure" nie, hierdie pad wil 'n "nurturing structure" wees wat tot die jong tiener(nou volwassene) se geestelike groei en volwassenheid sal bydra.

'n Gepaste gedagte om mee af te sluit kom uit Rick Warren se boek "Purpose Driven Church" (1995:311) en dit kan 'n sinvolle gevolgtrekking wees vir hierdie navorsingstuk.

"I believe that when God wants to deliver a bunch of baby Christians, he looks around for the warmest incubator he can find".

As God nuwe Christene op hierdie aarde wil plaas, dan sal Hy ondersteuningsisteme soek wat net die beste "broeikaste" vir hierdie gelowiges kan wees. Die aanhaling kan egter ook verder uitgebrei word:. "When God is to deliver baby Christians, who have to grow up in the image of their Father, He will look around for the warmest incubator who can imitate the Father".

In die lig van hierdie studie beteken dit dat as God jong tieners wil toevoeg tot die skare van gelowiges, Hy hulle sal toevertrou aan ondersteuningsisteme(kerk, ouerhuis, skole, vriende, omgewing ens.) wat hierdie jong tieners die beste sal groot maak na die beeld en ervaring van God ons hemelse Vader! Natuurlik weet ons dat nie al hierdie ondersteuningsisteme hul verantwoordelikheid nakom nie, en daarom is dit belangrik om ons samelewing bewus te maak van hulle verantwoordelikheid. God soek daardie pa en ma, daardie jeugwerker en ander volwassene, God soek daardie meneer en juffrou wat kinders kan begelei in 'n gesonde Bybelse ervaring van God. Die groot vraag is of ons bereid is om onsself daartoe te verbind. Miskien sal ons moet hoor wat die Episkopaalse Kerk (Mayr:1988:124ev) sê oor hierdie verbintenis. Hulle vra of ons bereid is om die prys te betaal wat die regte godsdienstige onderrig verg? Om jong tieners te onderrig na die beeld en in die ervaring van God, sal die kerk moet besef dat dit nie 'n Sondagmiddag slapie is waarmee sy besig is nie. Dit gaan harde en toegewyde werk kos om jong mensies op hierdie pad te begelei. God is gereed om dit te doen, Hy soek die kerk, vrywilligers en die ouers om sy plan te volvoer...

Dan eers sal mense, jonk en oud 1 Korintiërs 13:11 soos volg verstaan – "Toe ek nog 'n kinderagtige geloof gehad het, het ek gepraat en gedink en geredeneer soos 'n kind. Maar noudat ek 'n kinderlike geloof ontwikkel het, is ek klaar met die dinge van 'n kind en verstaan ek God vir wie Hy is".

SOLI DEO GLORIA!

# BIBLIOGRAFIE


**ASTLEY, J AND FRANCIS, L 1992.** Christian Perspectives on Faith Development..
**Grand Rapids: Graceviewing Fowler Wright Books**

**BABIN, P 1991.** The New Era in Religious Communication.
**Minneapolis: Fortres Press.**

**BALSWICK, JO AND BALSWICK, JK 1991.** The Family – ***A Christian perspective on the Contemporary Home.***
**Grand Rapids, Michigan: Baker Book House**

**BERGLING, K 1981.** Moral Development – The Validity of Kohlberg's Theory.
**Stocholm: Almqvist & Wiksell International.**

**BURGER, C 1997.** Familie van God! – ***...waar gelowiges tuiskom in 'n koue harde wêreld.***
**Kaapstad: Lux Verbi.**

**CHRISTIE, L 1987.** How To Recruit And Train Volenteer Youth Workers. ***Reaching more kids with less stress.***
**Grand Rapids, Michigan:Zondervan/Youth Specialties.**

**CRAIG, JG 1983.** Human Development.
**Englewood Cliffs, New York: Prentice Hall.**

**DE VRIES, M 1994.** Family Based Youth Ministry.
**Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.**

**DICKIE, S AND PEARSON, D 1993.** Creative Programming Ideas for Junior High Ministry.
**Grand Rapids, Michigan: Zondervan/Youth Specialties.**

**DUNN, RR AND SENTER III, MH 1997(General editors).** Reaching A Generation for Christ.
**Chigago: Moody Press.**

**ERIKSON, EH 1963.** Childhood and Society.
**New York: Norton**

**FIELDS, D 1998.** Purpose Driven Youth Ministry.
**Grand Rapids, Michigan: Zondervan/Youth Specialties**

**FOSTER, CR 1994.** Educating Congregations – ***The future of Christian Education.***
**Nashville: Abingdon Press.**

**FOWLER, J 1981.** Stages of Faith.
**New York: Harper.**

**GOLDMAN, R 1965.** Readiness for Religion: A Basis for Developmental Religious Education.
**New York: Seabury**

**HAVENGA, HS 1974.** Die Geestelike Versorging van die sorgbehoewende kind in die kinderhuis in aansluiting by sy siening van God.
**Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. – Skripsie: MA(Teologie).**

**HEITINK, G 1993.** Praktische Theologie.
**Kampen: Uitgeverij Kok.**

**HERSEY, T 1986.** Young Adult Ministry.
**Loveland,Colrado: Group Books.**

**HETHERINGTON, EM & PARKE, RD 1986.** Child Psychology.
**New York: McGraw-Hill**

**HEYNS, LM & PIETERSE, HJC 1990.** Eerste Treë in Die Praktiese Teologie.
**Menlopark,Pretoria: Gnosis Boeke & Uitgewers BK.**

**HUBBELING, HB 1987.** Principles of The Philosophy of Religion.
**Assen: Van Gorcum.**

**JANSSEN, J & DE HART, J & GERARDTS, M 1994.** Images Of God In Adolescence.
**The International Journal for The Psychology of Religion, 4(2), p 105-121.**

**KITCHING, D & ROBBINS, D 1997.** Youth Ministry: The Basics And Beyond.
**Wellington, Suid Afrika: Youth Specialties.**

**KOHLBERG, L 1987.** Child Psychology And Childhood Education.
**New York: Longman.**

**LOUW, DA 1982.** Inleiding tot die psigologie.
**Suid Afrika: McGraw-Hill.**

**LOUW, DA 1990.** Menslike Ontwikkeling.
**Pretoria:Haum.**

**MACCOBY, EE & MARTIN, JA 1983.** Socialization In The Context Of The Family: Parent- Child Interaction.
**(In Hetherington, EM – Handbook of Child Psychology: Socialization, Personality And Social Development.)**
**New York: Wiley.**

**MAYR, M(ed) 1988**. Does the Church Really Want Religious Education? – *An Ecumenical enquiry.*
**Birmingham, Alabama: Religious Education Press(REP).**

**MEYER, WF & MOORE, C & VILJOEN, HG 1988.** Persoonlikheidsteorieë:Van Freud tot Frankle.
**Johannesburg: Lexicon.**

**MUSSEN, PH & CONGER, JJ & KAGAN, J & HUSTON AC 1984.** Child Development And Personality.
**New York: Harper & Row.**

**MUSSEN, PH(ed) 1970.** *Carmichael's* Manual Of Child Psychology(Vol 2).
**London: Wiley.**

**NEL, M 1991.** Die Wisselwerking Tussen Teorie/Praxis In Die Praktiese Teologie.
**Praktiese Teologie in Suid Afrika 6(1).**

**NELSON, CE 1992.** Helping Teenagers Grow Morally – A Guide For Adults.
**Louisville,Kentucky: Westminster/John Knox Press.**

**NELSON, CE 1989.** How Faith Matures.
**Louisville, Kentucky: Westminster/John Knox Press.**

**PIETERSE, HJC 1993**. Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie.
**Pretoria: RGN Uitgewers.**

**PHILLIPS, RA 1992.** Erikson's Life Cycle Theory And Images Of God.
**Pastoral Psychology, Vol 40. No. 3, 1992.**

**RATCLIFF, D(ed) 1992.** Handbook Of Children's Religious Education.
**Birmingham,Alabama: REP**

**RICE, W 1997.** Junior High Ministry.
**Grand Rapids,Michigan: Zondervan/Youth Specialties.**

**RICHARDS, LO 1975.** A Theology Of Christian Education.
**Grand Rapids, Michigan: Zondervan.**

**ROBBINS, D 1990.** The Ministry Of Nurture.
**Grand Rapids, Michigan: Zondervan/Youth Specialties.**

**ROEHLKEPARTAIN, JL(ed) 1991.** Children's Ministry.
**Loveland, Colrado: Group**

**ROXBURGH, AJ 1993.** Reaching A New Generation.
**Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.**

**SELL, CM 1995.** Family Ministry.
**Grand Rapids,Michigan: Zondervan**

**SEYMORE, JL & MILLER, DE(ed) 1982.** Contemporary Approaches To Christian Education.
**Nashville: Abingdon Press.**

**RODGERS, JL 1982 In: SHELLY, JA(ED).** The Spritual Needs Of Children: A Guide For Nurses, Parents, Teachers. Hoofstuk 7: "Is God A Teddy Bear? Images of God".

**SONNEKUS, MCH 1968.** Die leenwêreld van die kind as beleweniswêreld.
**Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars.**

**TAMMINEN, K 1983.** Religious Experiences of Children and Young Children.
**University of Helsinki.**

**TOWNS, EL 1982.** 10 Sunday Schools That Dared To Change.
**Ventura, California: Regal Books.**

**VAN DER WALT, BJ 1997.** Geloofsgroei.
**Instituut vir Reformatoriese studie. PU vir CHO – Potchefstroom.**

**VAN DER WALT,** JL Die godsdiensbelewing en godsdiensopvoeding van die kind.
**Instituut Vir Die Bevordering Van Calvinisme. PU vir CHO, Potchefstroom.**

**VELDSMAN, DP 1992.** On Remembering in Religious Experience.
**Scriptura 42(1-16).**

**VERGOTE, A 1989.** Religieuse Ervaring.
**Fre Bijker in gesprek met prof. Dr. A Vergote. Rondom Het Woord 31/4.**

**WARREN, R 1995.** Purpose Driven Church.
**Grand Rapids, Michigan: Zondervan.**

**WESTERHOFF, JH 1976.** Will Our Children Have Faith?
**New York:The Seabury Press.**

**<u>ANDER BRONNE</u>**

**CLONINGER, C.** God Views. **Video.**
**Gospel Films – Muskegon, Michigan.**